28 Junie 2024 www.kerkbode.co.za ● facebook.com/kerkbode Deel 234 - Nommer 137

KERKBODE

175 km vir 175 jaar

Ter viering van *Kerkbode* se 175 ste bestaansjaar draf dominee en joernalis 175 km tot op Sutherland. Hou Kerkbode.co.za dop vir meer hieroor.
Foto's: Robert Cable

De
Gereformeerde Kerkbode
IN ZUID-AFRIKA.

D. I. Zaterdag, Januarij 13, 1849. No. 1.

PROSPECTUS.

Is het bekend geworden, dat het zoo voor de belangen van het Christendom en vooral de Leden der Christelijke Kerk in dit land noodzakelijk is, dat men niet alleen worde bekend gemaakt met den voortgang van het Rijk der Waarheid over den geheelen aardbodem, maar ook een geregeld organ hebbe om Godsdienstkennis onder diegenen te verspreiden, die zich diep van de openbare gemeenschappen kunnen gebruik maken; zoo is het, met eenige lezeren in en zelfs de Kennisse overeengekomen zijn, om uit vereenigen naam een blad uit te geven, onder den naam van "Gereformeerde Kerkbode in Zuid-Afrika," welke bevatten zal:—Verhandelingen over de Godsdienst, stichtkundige aanmerkingen over den Bijbel, uitreksels uit de Kerkelijke Geschiedenis van vroegeren en latenen tijd, levensberigten van vrome menschen, mededeelingen omtrent den voortgang van de Christelijke Godsdienst door bemoeijingen van Christen Zendelingen der onderscheidene Protestantsche Kerkgenootschappen, Bijbelverspreiding, Schoolwezen, Inzonderheid Kerknieuws, Dichtstukken, enz.; terwijl voor gebeden, gunsweder en afgestorvenen, eene bijzondere plaats zal worden ingeruimd, en, onder zekere bepalingen, Advertentien worden aangenomen.

De Redactie meent zich de ondersteuning der Leeraars in deze volksplanting te mogen verzeren, en verzoekt hen Eerw. deze onderneming, om Godsdienstoefening in dit land te verspreiden, aan de leden hunner gemeenten gaarzig te willen aanbevelen.

Het eerste nommer zal thans het licht, en bestaat, zoo als elk toekomstig nommer, zestien bladzijden druks, en zal 's Zaterdags om de veertien dagen worden uitgegeven. De



KerkmySiek

’n Nuwe lisensie vir al jou musiekbehoeftes

Bybel-Media

CML

Benodig my gemeente ’n lisensie?

As jou gemeente musiek gebruik wat aan kopiereg onderhewig is, is ’n kerkmusieklisensie noodsaaklik.

Waar hernu ek jaarliks ons lisensie?

Voorheen is alle lisensies deur CCLI bestuur. Sedert 2023 het Bybel-Media die bestuur van kerkmusieklisensies oorgeneem. *Church Music Licensing* (CML) hanteer die lisensies namens Bybel-Media. Die lisensie sluit in die regte tot die *Liedboek van die kerk, Psalms en Gesange* (ander Skrifberymings), *VONKK* en liederebundels soos *Die Halleluja, Sing onder mekaar* en *Jeugsangbundel 1* en *2*.

Dit beteken jou gemeente betaal slegs vir CCLI se lisensie indien julle enige FLAM- of Engelse liedere gebruik.

Waar kry ek toegang tot die musiek?

Bybel-Media het ’n nuwe platform ontwikkel waar gemeentes kerkmusiek, preekstof, kategesemateriaal, gemeentereekse en Bybelstudies op een plek kan vind. Wannneer jy jou musieklisensie uitneem, ontvang jy gratis toegang tot Kerkmusiek op Missio.

Met jou kerkmusieklisensie kry jou gemeente:

- Bladmusiek om tydens eredienste te sing en te speel
- Bykomende woorde om te projekteer
- Volledige liedere om te druk of te versprei
- Gebruik van die musiek om te stroom of uit te saai

Aanlyn beskikbaar!

www.missio.org.za

Besoek gerus www.missio.org.za vir meer inligting.

Moeilike tyd agter die rug in KZN

LAMBERT JACOBS

Pas nadat die 97ste sinode-vergadering van die NG Kerk in KwaZulu-Natal (KZN) op 4 Junie in Pietermaritzburg gekonstitueer het, het die uitgaande moderamen die vloer geneem om verslag te lewer oor hulle dienstermyn. Dr Heinrich Theunissen van Newcastle-Bergsig was die vorige moderator en het die verslag aan die afgevaardigdes by die sinode voorgehou.

Dit was amper ondenkbaar dat soveel gebeurlikhede in een termyn kon plaasvind in een van die NG Kerk se tien sinodale gebiede.

Die tweede golf van Covid-19 het hulle nog getref. Twee vloede wat rampafmetings aangeneem het, het die gebied geruk. En dan was daar boonop die politieke onrus wat Gauteng en KZN die swaarste getref het.

Hoe herstel 'n provinsie na soveel chaos en wat doen 'n kerk wat eintlik getallegewys maar 'n druppel aan die emmer is wanneer die een krisis na die ander opduik? Theunissen het dit duidelik gestel dat indien die NG Kerk in KZN dalk in 'n groef was, hulle beslis blitsvinnig daaruit geruk is.

Die provinsie is destyds in vier streke verdeel en 'n hulpfonds is inderhaas op die been gebring. NG predikante is as kommunikeerders en koördineerders aangewys met die oog op hulpverlening.

Theunissen was vol lof vir die res van die land se hulp en ondersteuning met fondse en voorrade wat na KZN gestuur is. Met die vloede is baie infrastruktuur vernietig. Dan ontstaan die teenstelling dat jy soveel water het, maar jy het geen water in die krane nie! Daar is fondse losgemaak dat gemeentes boorgate kon sink waar mense vanuit die hele gemeenskap kon tap. Gemeentes in Margate en Scottburgh het hulle boorgate volledig opgegradeer met sonpanele om ook die kragkrisis te bowe te kom.

Met die plundering kon mense en besighede aansoek doen om hulp. Die aansoeke is weekliks deur die taakspan beoordeel. So is mense met spazawinkels byvoorbeeld gehelp om weer op die been te kom. Dit lyk beslis of die vorige leierspan in KZN genoeg gedoen het om vir twee termyne te tel!

Op die foto by die moderatuurstafel is ds Pieter Grobler, prof Barry Tolmay, ds Lerisa Meyer en ds Pieter Swanepoel.

Ervaring en jeug neem leisels in KZN

LAMBERT JACOBS

Die 97ste sinodevergadering van die NG Kerk in KwaZulu-Natal (KZN) het op 4 Junie in Pietermaritzburg gekonstitueer. Die vergadering het by die sinodale sentrum plaasgevind wat deel vorm van die NG Gemeente Hayfields se fasiliteite.

Soos gewoonlik was die verkiesing van 'n nuwe leierspan vroeg op die tafel. Die afgevaardigdes kom vanaf die voetheuwels van die Drakensberg in plekke soos Kokstad en Matatiele tot bo teen ons buurlande Mosambiek en eSwatini in dorpe soos Pongola en Jozini en van die ooskus af in die Durbanmetropool en Richardsbaai tot by plekke wat raak-raak aan die Vrystaat soos Bergville en Winterton.

Toe stemtyd aanbreek het die sinode gekies vir 'n goeie dosis bewese ervaring gekombineer met genoeg nuwe bloed. Die verkose moderator, prof Barry Tolmay van Krantzkloof, het al op feitlik al die stoele by die moderatuurstafel gesit. In die week na die dramatiese verkiesingsuitslae in KZN het 'n mens in gedagte geroep dat Tolmay met 'n Honneursgraad in Internasionele Politiek spog en dat een van sy doktorsgrade juis gehandel het oor die NG Kerk se pad met Apartheid.

Die nuwe assessor is ds Lerisa Meyer, oud-Tukkie en predikant van Margate. Sy is getroud met Handré, ook 'n opgeleide predikant.

Die aktuarius, wat vir 'n volgende rondte na die kerkregsake moet omsien, is ds Pieter Swanepoel van Greytown, een van KZN se oudste gemeentes met 'n stigtingsdatum van 1859! Swanepoel is al vir jare hoof van die Greytown-kinderhuis.

Die skriba het tydens die vorige termyn oorgeneem en is herkies vir die rol. Die persoon vir dié – dikwels onbenydenswaardige – taak is ds Pieter Grobler van Scottburgh, iemand wat net soos sy oupa Hansie, pa Hennie en oom Paul Grobler, weet hoe lyk diens aan die kerk.

Twee sekunduslede is ook vir die moderatuur aangewys. Hulle is dr Francois Neethling van Durban-Oos en ds Elise Klut van Winterton.

Selfs die kerkargitektuur is preek op sy eie

Die sinode-opening is deur die oudste leraar met die langste diensjare gelei. Dit is dr Mike Heaney van die NG Gemeente Margate wat reeds sedert 1985 in die bediening is en sedert 2006 in KZN diens doen. In sowel die kerkgebou van Hayfields as die kerksaal is 'n baie treffende kunswerk wat die opgestane Christus teen die agtergrond van die kruis uitbeeld. Dr Nico Simpson, wat namens Bybel-Media die sinode bygewoon het, het met sy fyn kunstenaarsoog soos volg gereageer: "Die kanselkuns is 'n volledige preek. Dit herinner ons tegelyk aan die gekruisigde en opgestane Christus."

- Lambert Jacobs

Vennote loer in

Heelwat van die NG Kerk in KZN se vennote in ander kerke het by die sinodevergadering wat van 4 tot 6 Junie in Pietermaritzburg plaasgevind het, kom inloer en groeteboodskappe oorgedra.

Twee van die Reformed Church in Africa (RCA) se leraars het aan die vergadering deelgeneem. **Ds Akash Sirpal (foto bo)** is leraar van die RCA Jeshurun en skriba van die RCA Sinode. Hy is reeds 14 jaar in die bediening en kom uit 'n Hindoe-agtergrond. Saam met hom was **ds Wessel Cronje**, vir 17 jaar al leraar van die RCA Emmanuel en tans assessor van die RCA Sinode.

Van die VGK in KZN het **dr Nkosinathi Mbatha (foto onder)** 'n groeteboodskap gebring aan die sinode. Hy het vertel hoe sy oupa al evangelis van die NGKA was, daarna sy pa ook as leraar van die NGKA en hy toe as derde geslag leraar van die NGKA geword het voordat die VGK gevorm is. Mbatha het onlangs sy doktorsgraad in Praktiese Teologie verwerf aan die Universiteit van KwaZulu-Natal en is tans moderator van die VGK in KZN.

Pastor Petra Röhrs van die Evangelies-Lutherse Kerk het 'n spesiale boodskap aan die sinode gebring. KZN het talle Duitse gemeenskappe versprei oor die provinsie en daar is goeie samewerking tussen die kerke.

Die deurlopende boodskap was die feit dat die NG Kerk min in getal is en dat dit dringend noodsaaklik is om hande te vat met kollegas van ander kerke in die provinsie.

> Vervolg op bl 8

DOORNKLOOF FAMILIEKERK
VOLTYDSE MEDELERAARSPOS

Doornkloof Familiekerk is ’n gemeenskap waar liefde gesien en hoop beleef word. Ons is deel van die missio Dei, God se lewensgewende beweging na die wêreld in nood. Ons sien werklik ons kerk as ’n familiekerk waar elkeen, jonk en oud, ’n plek kan vind om sy/haar passie vir die Here uit te leef.

Die kerkraad van die NG Kerk Doornkloof wag in biddende afhanklikheid aansoeke in vir die bogenoemde pos.

Gemeenteprofiel:
Doringkloof is ’n deel van Centurion wat ’n voorstad in die suide van die uitgebreide Tshwane-metro uitmaak. Die gemeente is ’n tuiste vir vriende en families waarvan sommige reeds drie generasies deel is as lidmate. In 2023 het die kerk hulle 50ste verjaardag gevier. Ons gemeente streef daarna om in ’n noue verhouding met God, mekaar en die wêreld te leef.

Die kerkraad is in die proses om dié voltydse medeleraarspos te vul nadat ons vorige leraar beroep is na ’n ander gemeente.

Die gemeente het ongeveer 1 400 lidmate en 400 dooplidmate. Die groei van ons tiener- en jeugbediening is op hierdie stadium een van die kerkraad se hooffokuspunte nadat jonger lidmate en jong families deel geraak het van ons gemeente gedurende die laaste paar jaar.

Ons kerk spog met ‘n paar passievolle bedienings soos byvoorbeeld:
- Mannebediening – ons mannebieding het onlangs weer ’n sterk herlewing beleef. https://www.tiktok.com/@dkfkmanne?lang=en
- Vrouebediening – dit bestaan uit ’n toegewyde groep dames wat al vir baie jare bestaan. https://www.facebook.com/profile.php?id=61553122974603
- Kreatiewe span – help leraars om die boodskap op ’n meer kreatiewe manier uit te beeld by wyse van musiek, kuns, elektroniese media en videos. https://ngdoornkloof.co.za/hope_site_revamp/index.php/raak-betrokke/kreatiewe-bediening
- Jeug- en kinderbediening – Fokus hoofsaaklik op ons jonger lidmate.
- Musiekspan – https://ngdoornkloof.co.za/hope_site_revamp/index.php/raak-betrokke/musiekbediening
- Naastes in nood.
- Nuwe lidmate.
- Groeigroepe:
  - Senior lidmate.
  - Aanlyngroep.
  - Families.
  - Dames.
  - Manne.

Jy is moontlik ’n geskikte kandidaat indien jy aan die vereistes van die volgende profielbeskrywing voldoen:
1. Jou verhouding met God vooropstel en Geesvervuld jou gawes uitleef.
2. ’n Volledige bedieningsleraar volgens die bepalings van die Kerkorde.
3. Vlot in Afrikaans kan bedien.
4. Inisiatief kan neem in verskeie omstandighede.
5. Selfgemotiveerd is en projekte/take tot voltooiing kan uitvoer.
6. Aktief wil fokus om meer jongmense by kerkbywoning en gemeente-aktiwiteite te betrek.
7. Lofprysing en musiek bevorder tydens eredienste (’n musikale aanleg sal ’n bonus wees).
8. Goeie rekenaar- en mediavaardighede het (ervaring in videovervaardiging sal ’n bonus wees).
9. Bereid is om die Woord van God te verkondig op sosiale media.
10. Netwerke kan bou en jeuguitreike lei.
11. Passievol is om die boodskap relevant te maak vir jonk en oud.

Vergoeding: Vergoeding sal volgens sinodale riglyne bepaal en onderhandel word.

Aansoeke:
Alle belangstellende leraars en/of proponente word uitgenooi om aansoek te doen deur die volgende te e-pos aan die kerkkantoor:
1. ’n Omvattende CV (van ongeveer vyf bladsye), wat jou bedieningsvoorkeure, spiritualiteit, persoonlikheidseienskappe en bedieningservaring beskryf.
2. Name en kontakbesonderhede van ten minste drie referente.
3. Enige sosialemediaskakels waarby jy betrokke is (persoonlik en/of professioneel).
4. NB: Deur ’n aansoek in te dien gee die kandidaat sy/haar toestemming aan die kerkraad om van die inligting vervat in die CV volgens die bepalings van die POPIA-wetgewing aan te wend. Alle inligting sal andersins vertroulik hanteer word.
5. Die pre-advieskommissie behou die reg voor om onafhanklik inligting oor die aansoeker in te win en bepaal aan die hand van die posvereistes wie die mees geskikte persoon vir die pos sal wees;
6. Kandidate wat die kortlys haal, moet bereid wees om ’n onderhoud te voer en/of om ’n preekbeurt by die gemeente te lewer.
7. **Sluitingsdatum: 26 Julie 2024.**
8. Stuur aansoeke aan: admin@dkfk.co.za

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik na die suksesvolle voltooiing van die keuringsproses.

Navrae:
- Theuns Beer (kerkkantoor) 082 652 9491.
- Boshoff Taljaard (personeelspan) 079 497 5951.
- Marinus Steenkamp (voorsitter van die kerkraad) 082 726 2738.

Belangrike skakels:
- Webblad: https://ngdoornkloof.co.za/
- Facebook: https://www.facebook.com/NGDFK
- Youtube: https://m.youtube.com/channel/UCXwJyD-i1-5g7OXq-1U7twQ
- Tiktok: https://www.tiktok.com/@doornklooffamiliekerk?lang=en

Die kerkraad behou homself die reg voor om nie ’n beroep uit te bring vanuit die lys van aansoekers nie.

Labirinte – ’n uitnodiging om al wandelend te bid

FAY VAN EEDEN

In ’n tyd van verlies het ek my eerste labirint raakgeloop. Ek is op ’n drafstap met ’n klomp emosies die labirint binne. ‘Stap stadig en intensioneel. Een voet voor die ander. Konsentreer op jou asemhaling’, het die priester se woorde van vroeër die dag my gerem. Die paadjie is ongelyk. Soos ek stap vergeet ek van die mense en geraas rondom my. Ek stap stadig, maar voordat ek my kry is ek in die middel van die sirkel. Ek vertoef ’n rukkie in die middel en volg dieselfde paadjie uit, want anders as doolhowe, het labirinte ’n gedefineerde paadjie wat die stapper na die middel neem en weer uitlei.

Dit is moeilik om te beskryf presies wat op die kronkelpad gebeur het, maar ’n halfuur later groet ek die labirint anders as wat ek dit binnegegaan het.

Labirinte word al vir duisende jare deur verskillende kulture gebruik. Uitbeeldings van labirinte dateer sover as 4 000 jaar terug. In Europa en Noord-Afrika is tekeninge van labirinte op rotsgravure en skilderye gevind. Daar is ook verskeie inskripsies wat na labirinte verwys op teëls en munte gevind. Ook in Asië, die Amerikas en Suider-Afrika pryk rotse en geweefde mandjies met soortgelyke uitbeeldings.

Hoewel labirinte al vir honderde jare deur gelowiges gebruik is, is daar in die laaste twintig jaar ’n nuwe belangstelling in die bou en stap van labirinte. Die meeste van hierdie hedendaagse labirinte se ontwerpe word op een van twee klassieke vorms gebaseer. Die sewebaan Kretaanse labirint dateer meer as 3 000 jaar terug en is vernoem na die Mediterreense eiland waar dit na bewering in die Griekse mitologie ontstaan het.

Die tweede is die bekende elfbaan Chartres Labirint wat vroeg in die 13de eeu op die klipvloer van die Chartres-katedraal in Frankryk aangebring is. Daar word vertel dat Middeleeuse Christene hierdie labirint bewandel het om hulleself geestelik te verbind aan familielede wat op die kruistogte was. Vir ander het die stap van hierdie labirint gedien as ’n plaasvervanger vir ’n pelgrimstog na die Heilige Land.

Benewens hierdie diep historiese wortels, kan hierdie geloofsgewoonte steeds vir moderne mense van groot waarde wees. Baie gebruik die stap van labirinte vir stresverligting en die bevordering van selfbewustheid, maar labirinte se betekenis lê baie dieper as hulpmiddels tot fisiese of emosionele gesondheid. “Baie mense, soos ek, het ‘misluk’ in sittende meditasie,” sê dr Lauren Artress, die stigter van die nie-winsgewende organisasie Veriditas wat die bou van labirinte bevorder. Volgens Artress “vereis stapmeditasie dieselfde innerlike bewustheid as die sittende soort.” Vandag verstaan en gebruik baie gelowiges labirinte as ’n kontemplatiewe gebed wat al wandelend gedoen word. Dit is simbolies van ’n pelgrimstog en skep vir baie gelowiges die geleentheid en ruimte om van God se teenwoordigheid bewus te word.

Sedert my eerste ervaring met ’n labirint is ek op soek na nog om te stap. Jy sal verbaas wees hoe baie labirinte daar in Suid-Afrika is. The Labyrinth Society se World-wide labyrinth locator is ’n oulike manier om labirinte op te spoor. Dit lys tans ongeveer 6 400 labirinte in meer as 90 lande.

Belangrik om te onthou is dat nie al hierdie labirinte openbare ruimtes is nie. Kontak en reël met die instansies voordat jy gaan stap.

Vir dié wat nie kan, of wil, reis nie is daar ook die sogenaamde “vingerlabirinte”. Vingerlabirinte kan van die internet afgelaai word en nooi ’n mens uit om biddend met jou wysvinger na die hart van die patroon te reis. Die interessantste voorbeeld van vingerlabirinte is te vinde op die uitgestrekte moltreinnetwerk in Londen. Tans spog 272 stasies met vingerlabirintplakkate teen die mure en elke stasie se labirint is uniek.

Hoe om ’n labirint te stap
Om ’n labirint te stap is ’n persoonlike saak. Dit verskil van persoon tot persoon. Daar is nie ’n regte of verkeerde manier om ’n labirint te stap nie. Hier is ’n paar voorstelle.
> Stap rustig terwyl jy fokus op jou asemhaling. Gebruik jou asemhaling om van God se teenwoordigheid bewus te word. Wanneer daar gedagtes by jou opkom laat hulle sagkens gaan.
> Bid die Onse Vader, ’n psalm of ander heilige teks terwyl jy stap.
> Oorweeg om met die instap vir jouself te bid en op pad uit vir ander.
>Jy kan ook oorweeg om te fokus op ’n vraag waarmee jy lankal worstel.
> Stap met ’n mantra – herhaal die woord, frase of gebed soos jy stap.

Ds Fay van Eeden is predikant van die NG Gemeente Suid-Oos Pretoria.

Die ekerk-tuisversorgerspan bak gratis pannekoek elke tweede week en elke dag is daar iets lekker om te drink en te eet.

Sy laat liefde wen

Nou die dag loop ek Moeder Teresa hier in die Moot in Pretoria raak. Wel, dit is wat die meeste mense wat dié vrou ken haar noem. En met goeie rede, want net soos by die heilige van Indië, is omgee haar hele lewe.

"Go find your own Calcutta," sou Moeder Teresa dikwels sê. En dit is presies wat Jacqueline de Lange gedoen het. Haar Kolkata is die eensame en weerlose bejaardes van die stad. Reeds vroeg in haar lewe het sy kennis gemaak met die wrede kant van die lewe en 'n belangrike besluit geneem.

Die storie oor haar kinderjare is tragies, om die minste te sê. Maar ironies genoeg – juis omdat haar verhaal nie daar eindig nie — is dit ook dié tipe storie wat jou weer in God se goedheid laat glo, aan die wonderwerk van 'n nuwe begin en dat die lig steeds mag het oor duisternis.

"Ek was amper ses toe my pa my ma doodgesteek het. Hy het haar dertien keer met 'n jagmes gesteek en ek en my babasussie was daai aand daar in die woonstel. Hy het 'n onverstaanbare ligte vonnis gekry – baie vreemd in 'n tyd toe die doodsvonnis nog in plek was. En toe, nadat my pa 'n paar jaar later uit die tronk vrygelaat is, is ek en my sus weer terug in sy sorg geplaas. Dis 'n lang storie, maar hy het ons erg mishandel en hy sou dikwels sê hy gaan aan ons doen wat hy aan my ma gedoen het, en hoe sy dit verdien het."

Teen matriek kon sy dit nie meer hou nie en het sy via die skool die welsyn se hulp ingeroep. "Veral ter wille van my sussie wat nog vyf jaar by my pa sou moes bly," sê sy.

Binne 'n week is hulle in 'n plek van veiligheid geplaas. Jacqueline se suster is later na 'n kinderhuis en sy het na skool by Unisa begin werk en onder andere sielkunde gestudeer.

Sy vertel van die goeie mense wat die Here oor haar pad gestuur het, vriende, onderwysers, 'n maatskaplike werker, haar oom, Chris van Rooyen. Terwyl haar pa in die tronk was het hulle vir 'n tyd lank by familie gewoon en dit is hier waar haar oom gereeld vir hulle stories uit die Kinderbybel gelees het.

"Die stories het my gefassineer en ek het gou lief geraak vir die Bybel. Oom Chris het ons ook geleer dat harde werk deure oopmaak. Die twee beginsels het die fondasie van die res van my grootwordjare geword. Nadat my pa uit die tronk is, was my ondersteuningsnetwerk en familie skielik weer weg, maar God self het my ouers en familie se plek ingeneem.

As 'n klein dogtertjie het sy gereeld

Nêrens is Jacqueline se passie duideliker as wanneer sy oor die mense met wie sy elke dag te doen kry praat nie.

in Sunnyside rondgedwaal, enigiets om nie by die huis te wees nie. "Op 'n dag, in graad 7 het ek 'n groep mense gesien en nader gestap. Daai dag het ek my lewe vir die Here gegee in die Wesley Methodist Kerk langs Burgerspark. God was deur al my donker jare my konstante vriend en krag."

Die lewe maak jou bitter of beter. Jacqueline het beter gekies.

Sy het 'n lang pad gestap tot waar sy vandag is. Iets wat soos 'n goue draad deur haar storie loop is haar oorweldigende bewustheid van God se roeping om om te gee vir mense. Oral, maak nie saak waar sy haar bevind het nie. Van destyds toe sy by Unisa in die biblioteek gewerk het, tot later toe sy onder andere mediese bemarking gedoen het, tot vandag waar sy heeldag tussen bejaarde mense beweeg.

Sy en haar span is veral betrokke by drie ouetehuise.

"By die meeste van die plekke is daar goeie fisiese sorg, maar baie oumense vereensaam," sê sy. "Ek het deeglik hiervan bewus geword in my jaar by Kind2Hearing waar ek bejaardes moes ondersteun met hulle gehoorverwante *issues*. Die Good Mood Club/ekerk tuisversorgers hou die bejaardes by Huis Herfsblaar, Huis Janri en The Inn konstruktief besig met voorlesing, speletjies, konserte, sprekers, kunswerkies, pretstap, Woefiedag ens ens. Wonderlike vrywillige werkers gee hulle tyd/geld en ons is heerlik besig. Die ekerk-tuisversorgerspan bak gratis pannekoek elke tweede week en elke dag is daar iets lekker om te drink en te eet. Vir die introverte doen ons individuele besoeke. Die einddoel is om die bejaardes uit hulle kamer te kry, al is dit op 'n individuele basis deur in die tuin te gaan stap en te gesels."

Sy vertel van 'n ouetehuis in die middestad waar dit tans finansieel rof gaan, soveel so dat die krag nou die dag afgesit is. Nou probeer hulle help met kos, klere en komberse.

Die eerste paar jaar het sy alles op haar eie gedoen, met net haar man en kinders se ondersteuning, maar op 'n dag kontak prof Stephan Joubert haar en vra hoe ekerk kan help.

"Hulle het vir my personeel aangestel om my te help. Ekerk voorsien ook hulp met ander goed wat ons nodig het soos inkleurboeke en potlode en baie meer. Marietjie Joubert en van hulle ander mense kom kuier gereeld by ons. Dankie, ekerk!"

Nêrens is Jacqueline se passie duideliker as wanneer sy oor die mense met wie sy elke dag te doen kry praat nie. Sy vertel van Oom Jan:

"Hy is Huis Herfsblaar se mees geliefde inwoner. Jan het MS in 'n gevorderde stadium. In die sewe jaar by Huis Herfsblaar het ek hom nog nooit hoor kla nie. Al behoefte wat hy het, is om vir twee of drie ure in die oggend in die sitkamer te sit in sy rolstoel en oor die tuin uit te kyk. Al kan hy eintlik nie meer so goed sien nie. Hy is altyd tevrede en vol lewensvreugde. Hy is een van my beste vriende. Ons gaan op uitstappies (met sy rolstoel) na die nabye winkelsentrum, lag baie saam en hy inspireer my. Wanneer ek by Jan is, wil ek 'n beter mens wees. Elma is die mooiste en beste kind wat Jan ooit voor kon droom. Haar diep omgee vir haar pa is werklik pragtig om te aanskou. Ek wens al die kinders was so!" sê sy – en ék wens al God se kinders was soos Jacqueline.

Ds Jaco Strydom is verbonde aan die Echo-Jeugontwikkeling en die NG Gemeente Villieria.

Jan Lubbe

Met ’n psalm op God se weg

Die afgelope maand se kerkpad – én die pad van ons land – het oor twee skofte geloop. Op pad na Woensdag, 29 Mei, en toe, daarná. Kyk ’n mens terug, dan voel die pad agtertoe meestal meer bekend as die pad vorentoe. Agtertoe voel dit mos afgesluit, vorentoe oop en onbekend. Wat gebeur het, het gebeur; wat voorlê, dít sal ons nog leer. Tóg leer ons ook deur wéér ’n keer terug te kyk; te luister na hoe ánder die pad agter ons beleef het en groei ons insig saam oor wat gebeur het. Word ons bewus dat dank én verootmoediging oor die pad agter ons, gepas is en vir vorentoe, vertroue. Vertroue in God. Alles woorde uit Psalm 25, “van Dawid.”

’n Maand gelede was dit Pinkster. ’n Tyd van gebed in NG Kerke; van sing, lees en luister; van sop en broodjies saans en komberse vir winterhoop saamvat kerk toe. ’n Week van afwagting: Hoe lei die Gees ons op Gód se weg? As dagbestuur van die Algemene Sinode se moderamen (ASM) het ons Psalm 25 gelees toe ons net na Pinkstersondag weer by eMseni aan die Oos-Rand vergader het. Ons het Psalm 25 óók by ’n moderamenvergadering in Bloemfontein gelees. Beide kere deel kollegas wat hulle hoor: Die “pad van die Here” is ’n pad van “troue liefde en waarheid” (vers 10); van “ontsag vir God” (vers 12).

Dít was ook die gees waarin veertig verteenwoordigers uit al tien NG sinodes by ’n werkswinkel oor “Ons Roeping 200+” besin het, die roepingsverklaring wat uit Algemene Sinode 2023 opgeklink het. Wéér ’n keer is Eksodus 33 gelees – die geboortegrond vir ons roeping tans, daardie gebed “Gaan voor ons uit, Here”. Vers 14 soos vertaal in *The Message:* “My presence will go with you. I’ll see the journey to the end” (33:14). Die Here se Woord gryp ons aan. Sý trou, sý reis met ons, met ons kerke. Twee dae lank het ons in vier fokusgroepe onder leiding van algemene sekretaris dr. Nioma Venter gewerk rondom ál die besluite en opdragte van die Algemene Sinode: Om as gemeentes en saam met ander kerke te getuig van Christus, sy evangelie van geregtigheid en vrede (kerugma); om in gemeentes veilige, vriendelike tuistes te help skep, waar jonk en oud dissipels van Jesus kan wees (koinonia); om met gemeentes en gemeenskappe saam te werk in die verligting van nood en bediening van hoop (diakonia); om in ons geloof en aanbidding te groei, toegerus om leiding te neem in die bediening van die Woord (leitourgia). Uit hierdie fokusgroepe is die taakspanne van die Algemene Sinode saamgestel, met aanvulling uit al die sinodes, en werk hulle nou verder om ons roeping gehoorsaam aan God, te vervul.

My kerkpad die afgelope maand het by verskillende gemeentes gaan draai. Dankie daarvoor. Alberton-Wes, aan die begin van hulle Pinksterreeks oor die “Ek is”-woorde van Jesus. Saam met verteenwoordigers van Oostelike Sinode by vier gemeentes in Mpumalanga; by ál vier die pleidooi: “Ons is lief vir die NG Kerk, dít is wie ons is, maar ons is by ’n kruispad; ons wil graag in ’n veilige ruimte kan aanbid en ons getuienis oor Christus met vrymoedigheid in ons dorp uitdra.” By al vier kon ons opreg bid dat die Here ons op sý pad sal lei. By Hugenoot-gemeente in Bloemfontein waar ’n dominee bevestig en sy vrou as dosent in Nuwe Testament aan die gemeente verbind is, kom die boodskap uit 1 Petrus 1; oor vreemdelingskap en ons pelgrimsreis – God ís met ons op weg! En toe die rektor van die Universiteit van die Vrystaat, prof Francis Petersen, sy kollega ná meer as veertig jaar in die Departement Nuwe Testament moes groet, was dít sy woorde aan prof Francois Tolmie: “We don’t know the pathway that God will create for us, but we know that He is walking with us …”

Dit is in ons persoonlike lewe waar – daar ís wendinge; dit het ek ook hierdie maand geleer. Dit is ook van ons land en ons nasie se reis waar: God voorsien ’n pad. God hét! ’n Groot voorreg was dit om daardie Woensdag as verkiesingswaarnemer van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke by twaalf stempunte in Mangaung langs te gaan en ’n gees van opwinding te beleef; gesellig in Heidedal, geduldige rye kiesers in die studentebuurte van Bloemfontein. ’n Uitslag wat ons verras het! Verligting oor verandering en nuwe hoop wat daar is; verontrusting oor polarisasie en radikale stemme wat so baie steun gekry het. Ons ís bekommerd oor KwaZulu-Natal, maar ook geïnspireer deur die boodskap wat uit daardie sinode gekom het: “In Christus, ons vreugde!” Dit was ’n voorreg om húlle sinodesitting “digitaal” te kon “besoek”. En ’n dankbare voorreg om dan telkens terug te kan keer na ’n “tuisgemeente”, Berg-en-Dal.

Nou gaan die reis vir ons land en ons kerke verder. Dit was op ons Verkiesingsdag presies negentig jaar ná die Barmen-sinode in Nazi-Duitsland vergader het – 29 en 30 Mei 1934 – met húlle getuienis dat Jesus Christus “die weg, waarheid en lewe” is. In Hóm, die Lewende, word die hunkering van Psalm 25 vervul: “Leer my, Heer, u regte weë.” Ons kan die wintervakansie ingaan met die wete en stil vertroue, dat Hy ons die pad sál wys. Dat ons ons oë daarom op Hom moet hou, so algaande. Dat Hy vrede sal gee …

Ds Jan Lubbe is predikant van die NG Gemeente Berg-en-Dal in Bloemfontein en moderator van die NG Kerk.

Warm op die web

Kerk wat werk: Gemeente deel wenke oor ramp-respons

Toe die Oos-Kaapse dorp Kariega (voorheen Uitenhage) in stormweer oorstroom het, het die NG Gemeente De Mist besluit om hulle kerksaal oop te stel vir mense wat dakloos is. Uiteindelik is 150 mense, waarvan amper ’n derde kinders, aan die begin van Junie vir net meer as ’n week so gehelp al het die saal nie bad- of stortgeriewe nie. Die hele gemeenskap se mense het kom help en ondersteun. Die mooiste vir haar in hierdie tyd was die verhoudings wat gevorm is, vertel hulle gemeenteleraar, ds Trunette de Jongh, maar voeg by dié ervaring was ook ’n *eye-opener* oor wat by jou kerk in plek moet wees voor so ’n ramp tref. Sy deel die ervaring en insigte wat dié gemeente opgedoen het met *Kerkbode* vir die jongste aflewering van ons **Kerk wat werk**-artikelreeks. Besoek www.kerkbode.co.za

Kontak ons

Teken in op *Kerkbode:*
Viona Ross Tel 021 864 8278
E-pos: viona@tydskrifte.co.za
Besoek **www.kerkbode.co.za**

Redaksie:
Stuur vir ons nuuswenke en artikelvoorstelle na kerkbode@tydskrifte.co.za

Redakteur:
Le Roux Schoeman
E-pos: leroux@kerkbode.co.za

Uitvoerende joernalis:
Heléne Meissenheimer
E-pos: helene@bmedia.co.za

Proefleser:
Lambert Jacobs

Projekkoördineerder
Maryke Hansen
E-pos: maryke@bmedia.co.za

Advertensies en vakatures:
Hanlie Raath
Sel 072 357 8914
E-pos: woes@mweb.co.za

Kleinadvertensies en amptelike nuus:
E-pos: kerkbode@tydskrifte.co.za

Nadia Marais

Die geskenk van stories

"In the end we'll all become stories." – Margaret Atwood

Waarom kyk of lees ons stories? Dit is vir baie van ons 'n gunstelingtydverdryf in vakansietye of verloftye of in die aande voordat ons gaan slaap; en baie van ons onthou hoe ons ouers of ons oumas en oupas vir ons stories vertel het. Ons geniet verskillende soorte stories, en ons weet van kleintyd af – byna intuïtief, sonder dat enigiemand ons ooit uitdruklik daarvan hoef te oortuig – dat, hoewel ons voorkeurstories mag verskil, stories ontsettend belangrik is. Sonder stories is die lewe onverstaanbaar en ondraaglik.

Ek onthou my ouma se stories oor die avonture van Knibbel en Wolstert, twee konyne wat gereeld in die boer se groentetuin amok gemaak het. Ek onthou die stories wat my pa oor die drie musketiers vertel het, van goeie en slegte karakters, van verlies en verraad, van hoop en verligting, van die hoogspanning van 'n boeiende verhaal. Stories het my gehelp (en help my steeds) om ná die dag se dramas te kan slaap.

Ons vertel en lees ook vir ons baba elke aand stories voor. Tog wonder ek soms, as ek vir hom lees uit *Ongevalle in die dierehospitaal* of *Die storie van die molletjie wat wou weet wie op sy kop gedinges het,* waarom ons so verknog is aan stories. Waarom sou ons hoegenaamd stories wou vertel?

In sy boek *The storytelling animal* (2012), argumenteer die Amerikaanse letterkundige Jonathan Gottschall dat stories ons menslik maak. Ons is, as 'n spesie, verslaaf aan stories – maar terselfdertyd verstaan ons nie juis waarom ons so smag na stories nie. Trouens, daar is niks so sentraal aan die menslike toestand waarvan ons so min weet nie, meen Gottschall. Ons brein forseer 'n narratiewe struktuur af op die chaos van ons lewe.

Maar stories vorm ook ons selfbegrip, ons oortuigings, ons keuses, en ons optrede; sowel as ons kulture, tale, en geskiedenis. Stories deurdrenk en versadig ons lewe. Van die vroegste tye af is die vertel van stories die beste manier wat ons ken om sin te maak van ons lewe, ons verhoudings, en ons wêreld.

Sonder stories is ons verlore, want ons is homo fictus, "storied beings", die storievertellende mens. Stories is nie (net) wat ons doen nie, dit is wie ons is.

In haar *By the renewing of your minds* (1999) tref die Amerikaanse teoloog Ellen Charry egter 'n onderskeid tussen fiksie en stories. Alle fiksie is stories, maar alle stories is nie noodwendig fiksie nie. Fiksie, soos geloof, trek die leser binne 'n groter wêreld in. Maar hoewel die leser van fiksie tyd in die geselskap van wonderlike en voorbeeldige karakters deurbring, verdwyn hierdie nuwe vriende die oomblik wat 'n boek toegemaak word.

Die potensiaal van 'n boek om 'n leser uit isolasie uit te lig, is beperk tot die bladsye van 'n boek (of die beelde op 'n skerm). Ons kan daardie wêreld herbesoek, deur 'n film weer en weer te kyk of 'n boek oor en oor te lees, maar die stories is nooit anders en nooit meer as wat dit met die eerste lees of kyk was nie.

Ideaalgesproke sou die geselskap wat ons in 'n boek ontdek, oorgedra word na ons alledaagse, gewone lewe, meen Charry. Die mees kragtige stories tot ons beskikking is immers stories wat uitmond in 'n gemeenskap wat die storie voortsit. Fiksie het nie die vermoë om dit te doen nie, al wil ons hoe graag in die wêrelde leef wat ons gunstelingverhale skep.

In *Humanity in God* (1983) beskryf die Duitse teoloog Jürgen Moltmann en sy vrou, die feministiese teoloog Elizabeth Moltmann-Wendel, die evangelie as die groot liefdestorie van die Vader, Seun en Heilige Gees waarby ons almal betrek word. Die storie van God wat mens word in Jesus Christus – wat gebore is, gekruisig word, sterf en opstaan, en opvaar na die hemel – is nie net die sentrale storie van die Christelike geloof nie; dit is ook 'n storie wat die vermoë het om gemeenskappe te vorm waarin die storie(s) voortgesit word.

Die evangelieverhaal mond immers uit in die kerk. Dit wil sê: die einde van die storie is nog nie bereik nie. Dit is 'n storie met donker oomblikke, ligtepunte en (hopelik) selfs humor, want dit bly 'n eg menslike storie: 'n storie van stories. Dit is 'n storie waarvan ons – saam met gelowiges oor die eeue heen – medevertellers is.

Ons troos is dat ons stories – en alles wat dit bevat: tragedie, trauma, florering, lewe – opgevang word in 'n groter storie, 'n goeie storie, 'n storie van genade en liefde. Ons word almal aan die einde stories, aldus Margaret Atwood. Stories is 'n geskenk wat ons ontvang, maar dit is ook 'n geskenk wat ons aan mekaar (kan) gee.

Geseënd is diegene wat weet hoe afhanklik hulle is van stories.

Dr Nadia Marais doseer Sistematiese Teologie aan die Universiteit Stellenbosch en is leraar by die NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen.

'Ons het besef ons is 'n familie wat saam reis'

Afgevaardigdes by die 97ste vergadering van die NG Kerk in KwaZulu-Natal in Pietermaritzburg het **prof Barry Tolmay**, predikant van Krantzkloof, as moderator verkies. Tolmay deel hieronder sy indrukke oor die streeksinodesitting en hoe dit is om in KZN kerk van die Here te wees.

Dit is amper soos om in die buiteland te bly! Dit is vreemd dat hulle nie jou paspoort stempel op Van Reenenspas nie … So het 'n Vrystater, wat in Durban gebly het, al 15 jaar gelede gesê.

Ek bly nou al 20 jaar in Durban en geniet dit nog elke dag. As jy naby die see bly, kry jy omtrent nie winter nie. Die berge is asemrowend. Die pragtige natuurparke en wildtuine in Noord-KZN is fantasties. St Lucia en Sodwana is elke hengelaar se droom.

Geen wonder nie dat die ontwerpspan van die 97 ste KZN-sinode in Junie 2024 die volgende tema gekies het: "In Christus ons vreugde".

Tog is daar 'n ander kant van die munt. Covid-19 het ons provinsie seergemaak. In Julie 2021 was hier wrede "looting" in KZN. 'n Tornado is hierdie week deur Tongaat. Ek het self vir 20 maande tydelik op 'n ander plek gebly, met ingeparkeerde karre, na die storms van April 2022. Die MK-party van oud-president Jacob Zuma het die meeste stemme in die verkiesing van 2024 in KZN gekry …

Hoe kan die KZN-sinode dan hierin vrede vind?

Die vraag is tydens 'n Wandel-in-die-Woord-sessie by die sinodesitting gevra. Voorspoed-teologie lok mense na plekke waar daar net een kant van die munt is. As dit nie uitstekend en voorspoedig met jou gaan nie, moet jy die fout by jouself soek.

Word KZN dan nou gestraf as gevolg van ons verkiesingsuitslag en al die korrupsie wat in KZN plaasvind, dat selfs die natuur teen ons gedraai het? Paulus sou gesê het: "Beslis nie!"

Hoe vind ons dan vreugde te midde van al die gebrokenheid rondom ons?

Phillip Yancey help ons in dié verband. Hy vra die vraag oor waar die Here is as alles rondom ons ineenstort. Hy kom tot die slotsom dat God die Vader as gevolg van die kruisgebeure van Jesus Christus, self deur trauma gegaan het. Daarom is Jesus Christus, deur die Heilige Gees, by ons in elke trauma wat ons beleef.

Daarom kon ons vreugde vind tydens die KZN-sinode. Mense het gelag, heerlik gesmul aan tafels vol lekker kos. Tydens die tafelgesprekke is daar nuwe vriende gemaak. Daar was vreugde omdat niemand gestry het tydens die sinodesitting nie.

Tydens die 2012-sinode het ons vir vier jaar op reis gegaan met die tema: "In Christus saam op pad".

Ons het in Natal besef ons is 'n familie wat saam reis en somtyds vir mekaar moet wag op die reis.

Die 2016-tema was "In Christus is ons hoop".

Ons het in KZN geleer dat geluk van die Here alleen kom.

Die tema van die 2021-sinode was "Saam met Christus die toekoms in". Elke sinode het Christus sentraal geplaas en nie ons omstandighede nie!

Vreugde is nie iets oppervlakkig nie. Vreugde is nie 'n oomblik van geluk en viering wat die volgende oggend met teleurstelling en 'n hoofpyn begroet word nie.

Vreugde is om die Heilige Gees toe te laat om ons te oorspoel. Al die oppervlakkige vorme van tydelike geluk te geniet vir wat dit is … tydelik.

Dit is om die vreugde in Christus oor grense te vat. 'n Missionale kerk te wees in KZN. Om nie Zoeloesprekende mense as 'n bedreiging te sien nie. Te ontdek dat hulle ons familie in Christus is. Om nood raak te sien in alle gemeenskappe. Om saam met ander ekumenies te reis en by hulle te leer wat vreugde is as jy honger gaan slaap.

Die feit dat die Afrikaanse NG Kerk 'n absolute minderheid is, het ons verplig om ekumenies fiks te wees. Ons is geroep om God se lig in KZN te skyn. Ons roeping plaas ons op die voorpunt om die missionale kerk te implementeer.

Tydens die sinode is verhale vertel van hoe kerkgeboue nuut aangewend word vir nuwe geloofsgemeenskappe. Durban is die stad waar die meeste Indiërs buite Indië woon. As gevolg van sendingwerk van die NG Kerk in die 60er en 70erjare van die vorige eeu, is meer as 30% van Indiërs in Durban nou Christene. Veel meer as die 10% Moslems in Durban.

Dit gee die Sinode van KZN hoop en vreugde.

Gemeentes, dié vergoeding is ontmoedigend

Anoniem skryf: Dit is vir my sleg en ontmoedigend om dié brief te skryf. Maar of streeksinodes móét dit raaksien en/óf die Algemene Sinode moet hiermee help.

Ek sien deesdae in die vakatures in *Kerkbode* dat die méeste kerke 'n kerfbepaling by hulle advertensie plaas. Byvoorbeeld, Gemeente so en so kan tot op kerf 5 betaal, 'n ander kerk weer tot op kerf 7. Party net tot op kerf 3! Daar is talle voorbeelde.

Dit sê vir my dat die meeste NG Kerke finansieel in die moeilikheid óf in die knyp is. En ander gemeentes sommer glad nie kan beroep nie óf 'n diensleraar aanstel met opdrag prediking en versorging.

Hoe werk dit? Ek onthou hoe lank ek aan kuratoriumskuld moes betaal en dat dit ses jaar geneem het om die "regte" kwalifikasies te hê om gelegitimeer te word.

Maar hoe kan 'n mens van iemand verwag wat dalk al 12 jaar in die bediening is om terug te val na 'n kerf 5 toe? Beteken die graad op jou naam dan nie eintlik iets nie? Die meeste leraars, manlik of vroulik, het 'n gesin om te versorg en na om te sien.

Ek weet dat om vir die Here te werk nie oor geld gaan nie, maar graduandi het wel ses jaar geleer om as leraar in 'n gemeente te kan bedien. En daar is talle leraars met doktorsgrade in die NG Kerk, waarvoor geen leraar vergoed word nie of ekstra betaal word nie, terwyl in die buitewêreld dit juis 'n pluspunt sou wees.

Dit is tyd dat die kerk hand in eie boesem steek en dat streeksinodes of die Algemene Sinode na die stand van sake in gemeentes kyk en randsake los waar dit hoort.

Dit moet vir enige student wat teologie gaan studeer ontmoedigend wees as hulle na moontlike beroepskeuses kyk.

As ek nog een brief moet lees oor randsake in die NG Kerk wat niks te make het met die evangelie van Christus nie is ek van plan om die berge in te hardloop.

Die NG Kerk sal wel plan moet maak en raaksien én waarneem dat soveel gemeentes in die knyp is dat die traktement wat 'n leraar verdien óf so klein is óf hy of sy glad nie kan groei in 'n pos nie. As die pos op kerf 5 stop, moet die leraar 'n ander gemeente gaan soek of tevrede wees dat dié se traktement dieselfde gaan bly én daarmee tevrede wees.

Ons bly in 'n land waar alles elke maand duurder word en ons ekonomiese klimaat nie gunstig is nie. Maar as graduandi wat ses jaar geleer het kan die traktemente nie vergelyk met wat inflasie besig is om te doen nie. En dat gemeentes so half amper verwag dat 'n leraar tevrede moet wees. Hoe kan 'n mens bedien as jy nie eens materieel ordentlik kan voorsien nie?

Ek skryf die brief sonder antwoorde. Maar dat daar iets aan die saak gedoen moet word, is nou belangriker as ooit.

Die skrywer se naam word op versoek weerhou. - Red.

Steeds geen gesprek met Koinonia nie

Prof Hoffie Hofmeyr van Waterkloof Glen, Pretoria skryf:

In Februarie 2024 het die Algemene Sinode Moderamen-voorsitter ds Jan Lubbe teenoor dr Anton Knoetze van die Koinonia Sinode in 'n radiogesprek aangedui dat hy homself beslis verbind tot gesprek met Koinonia oor die kritiese en dringende reformasie van die NG Kerk.

In Januarie het ds Lubbe in 'n vriendskaplike gesprek teenoor my persoonlik aangedui dat hulle as leierskap oop is vir gesprek, na die onwil voorheen daartoe.

Dit alles na aanleiding van die feit dat die NG Kerk en sy leierskap in die laaste drie tot vier dekades al meer begin wegbeweeg het van gebalanseerde en verantwoorde Skrifinterpretasie.

Lubbe het dus nie die gebruiklike kerkregtelike verskoning gebruik dat gesprek met Koinonia slegs deur die langsame en vertragingstaktiek-matige pad van die kerklike strukture soos via ringe, streeksinodes en dan die Algemene Sinode hoef plaas te vind nie. Intussen veral onder waarskynlik negatiewe invloed van veral die Algemene Taakspan van Regte (ATR) met sy locus standi-argumente, het alles stil geword en is daar weereens geen tekens van gesprek nie. Interessant terloops hier is die parallelle met die huidige veranderende politieke situasie in ons land.

Intussen het Lubbe met sy onlangse inset in April by geleentheid van 'n ekumeniese gesprek in Durban waar beide die NG Kerk en die VGK-SA betrokke was, aangedui dat die ongesonde en oormatige fokus op die gay-kwessie die NG Kerk "na binne gedraai" het. Gesprekke oor byvoorbeeld kerkeenheid het dus minder energie ontvang, en dit geld myns insiens ook die Koinonia-bekommernis oor die huidige rigting tot horisontalisme van veral die leierskap van die NG Kerk.

Lubbe stel dan dat hierdie minder energie "geen verskoning" is vir die NG Kerk om agter te skuil nie.

Gedryf deur opvallend eensydige ideologieë en modieuse agendas pas dit steeds nie vir die NG Kerk om met Koinonia in gesprek te tree nie. Dit blyk intussen uit ingeligte bronne dat daar deur kerklike strukture laakbare vendettas en moontlike boelietegnieke teen Koinonia-predikante en -gemeentes gevoer word. Die name van die ringe van Melmoth, Somerset-Wes, Knysna en Kemptonpark asook die streeksinode van Hoëveld word in dié verband genoem. Hierdie vendettas sluit glo pogings in om bepaalde predikante en gemeentes af te dreig met die ontneming van hulle ampsbevoegdheid, pensioene of eiendomme.

Hoewel die ASM skynbaar nie baie reserwes het om met instansies soos byvoorbeeld IAM (Inclusive & Affirming Ministries), wat die *woke*-narratiewe van gender-geregtigheid en kritiese rasteorie dryf, bande te bly behou nie, suig Koinonia wat deel en wese van die NG Kerk is en wil bly, steeds aan die agterspeen.

Hierdie krisissituasie waarvoor die ASM grootliks verantwoordelik is, is myns insiens baie naby aan 'n tragiese breekpunt te midde van huidige regsprosesse. My vraag is wat het geword van 'n diepgrypende gesindheid tot versoening, korreksie en reformasie. Mag God hierdie breekspul verhoed!

> Vervolg van bl.3

Teologie en ekologie moet hande vat

LAMBERT JACOBS

By die sinodevergadering van die NG Kerk in KZN wat van 4 tot 6 Junie in Pietermaritzburg plaasgevind het, was een van die grootste sake op die agenda die belang van omgewingsbewaring. En dan veral die kerk en gelowiges se rol daarin.

Met die gereelde vloede die afgelope paar jaar in KZN en 'n tornado wat die middag voor die sinode deur die noordelike stadsgebiede van Durban getrek het, is dit geen verrassing nie dat klimaatsverandering en ons roeping ten opsigte van die omgewing hoog op die agenda vir hierdie sinode is. En tog kon die kerkleiding hier ook maar die dringendheid daarvan geïgnoreer het.

Maar, nee, daar is gereël vir verskeie tafelgesprekke en videogrepe en Zoom-onderhoude met verskeie kundiges om insette vir die sinodegangers te lewer. Een van hulle was prof Christo Lombaard van die Departement Praktiese Teologie en Missiologie aan die Fakulteit Teologie by die Universiteit van Pretoria (UP). Lombaard het met groot trots gespog dat hy op Dundee gebore is en in Durban grootgeword het en daarom deel voel van die KZN-sinode.

Op dag een het Lombaard gepraat oor "Eenvoud en veelvoud" en op dag twee oor "Veel fout en geloofsbehoud". 'n Mens sê graag dat eenvoud lei tot diepgang. Maar Lombaard waarsku dat die teenoorgestelde waar is van 'n liggaam en ook die ekologie. Hy sê in sy aanbieding: "'n Menslike liggaam waarvan die verskillende dele afsluit, is siek, gaan agteruit en sterf. Eweneens: 'n Ekologie – 'n oorhoofse natuursisteem van ontvouende verhoudings tussen organismes in en met hulle omgewing – wat al hoe minder kompleks word, is aan 't vernietig. Minder spesies, minder interafhanklike afdelings beteken doodgaan."

Nog 'n uiters interessante voorlegging aan die sinode het gekom van Nico Booyens, jong lidmaat van Krantzkloof wat sy tyd verdeel tussen Mosselbaai en Scottburgh. Sy instansie heet The Shark Research Unit en hulle hou hulle besig met verskillende marienestudies. Vir 'n kusprovinsie soos KZN is die waterbronne van deurslaggewende belang. Met die groot skade aan waterinfrastruktuur beteken dit dat riviere se afloop die grootste gemors denkbaar teen die kus af stort.

Die NG Kerk in KZN is klein in getal en het min kapasiteit, maar wil graag die beskikbare vermoëns aanwend sodat die omgewing van hierdie mooi en groen provinsie behoue kan bly.

Armoede skep uitdagings vir NG Kerk in Namibië se San-bediening:

‘Ons leer om saam te stap’

HELÉNE MEISSENHEIMER

Hy het nie in God geglo daardie dag toe hy en drie San-veldgidse met hulle lyf ’n skerm om ’n wildvreemde Australiese vrou gemaak het teen ’n bosbrand nie. Maar daardie dag en wat daarna gebeur het, het hom oor God laat dink en nou jare later is hy ’n ouderling in een van vier NG gemeentes onder die San-mense in die noordooste van Namibië.

So het Gert Kaesje onlangs vir *Kerkbode* vertel, sag in Afrikaans, waar ons in sy tuisgemaakte grashut sit. Bo ons koppe het T-hemde en ander klere gehang oor ’n toutjie. Buite het ons kinders hoor speel en mense wat saggies in klapklanke gesels.

Agter hom was pakke meel sigbaar. Daar is ’n droogte, want die somerreëns het nie gekom nie. Ons het later gehoor die regering deel meel uit want die mense kon nie mielies en ander groente plant nie.

Ons het Gert ontmoet op die laaste dag van *Kerkbode* se storietoer van 10 dae deur hierdie land van groot afstande waar Afrika naby aan jou vel voel. Ons missie was primêr om te beleef hoe ’n nuwerige baan van teologiese opleiding in die praktyk uitspeel. Soos elders in *Kerkbode* uitgelig, word die NG Kerk in Namibië as “pioniers beskou vir die opleiding van leraars vir die sogenaamde Boesman-gemeentes”.

Van die begin af het ons egter ook bewus geword dat die erge armoede van hierdie gemeentes uitdagings skep. Vir baie gesinne is ’n oupa of ouma met ouderdomspensioen al vaste inkomste. Vir baie kinders is die middagete wat hulle by ’n staatskool kry al kos vir die dag. So word hierdie storietoer ook ’n geleentheid om te sien en hoor van die lesse wat ’nmens leer hoe om kerk te wees te midde van enorme verskille in opvoeding, inkomste en leefstyl.

Dr De Wet Strauss, prinsipaal van die Namibia Evangelical Theological Seminary (NETS) het *Kerkbode* genooi om met mense te kom gesels soos “oom dominee Freddie Faul” van NG Gemeente Mariental en daarna, soos raak omskryf deur Le Roux Schoeman, in “’n gehuurde Fortuner uit Windhoek noordwaarts na Grootfontein te ry en van daar ooswaarts om te gesels met mense soos Andries Gous van Degnos (Diens en Getuienis (VKO) te begin. Degnos ondersteun vandag 16 sulke sentrums. Lucia Shikunda is een van die onderwysers wat hulle opgelei het en nou ondersteun op Omataku. Sy is ’n enkelma en hierdie werk stel haar in staat om na haar en haar seuntjie te kan kyk.

So ook het die eerste vrouestandplaasleraar, Regina Nauses, so ’n skooltjie begin vir die kinders op die plaas buite Grootfontein waar sy en haar man Jan bly. Haar wens, vertel sy is om die evangelie te bring aan al die mense op die plase in haar omgewing. Sy wens ook dat daar makliker vervoer na die naaste staatskool toe was. Die staatskole is almal meer as 80km weg van hulle af.

Om VKO-skooltjies soos Regina s’n te ondersteun, meen Gous, bied van die beste maniere hoe om die mense hier te help. Soos hy dit stel, “ons wil hulle help om hulle plek te kan volstaan in die samelewing”.

Soos ons rondry wys en vertel hy van nog projekte wat Degnos asook ander kerke en NRO’s begin het – landbouprojekte, groentetuine en klein winkeltjies. Die meeste het na ’n tyd platgeval. Gous lys ’n velerlei van redes hiervoor soos donateurs wat onttrek, want hulle sien nie genoegsame verandering nie, die bekwaamheidsoordrag wat nie voldoende is nie, ensovoorts.

Na byna twee dekades se betrokkenheid hier via Degnos verwoord hierdie oud-sakeman en logistiekebestuurder die lesse wat hulle geleer het so: “Daar is geen maklike antwoord op hierdie komplekse mensprobleme nie. Ek dink ons het wel geleer dat mense nie vanuit hulleself projekte bedryf nie. Daarom probeer ons vandag om te help waar iemand alreeds uit hulleself iets probeer doen, en dan versterk ons dit waarmee hulle alreeds besig is, eerder as om te dink dat ons iets van nuuts af kan laat gebeur”.

“Ons het geleer om nie ons Westerse planne op mense te kom afdruk nie. Ons het geleer om nie haastig te wees nie, verandering vat tyd en vra net dat iemand saamstap, oor generasies saam stap.”

*Aasvoëlnes is ’n wyksgemeente van die NG Kerk Tsumkwe, en die NG Kerk Tsumkwe het altesaam 45 habitatte of klein ‘villages’ soortgelyk aan Aasvoëlnes hier naby die grens met Botswana wat die blyplek is vir die meeste van die San-mense.

Gert Kaesje is 'n ouderling by Aasvoëlnes, ’n wyksgemeente van die NG Kerk Tsumkwe. Hy en sy gemeenteleraar doen ook soos NG gemeentes elders dinge soos huisbesoek, maar hier geskied dit te voet deur dik sand, soms kilometers ver. Foto: Le Roux Schoeman

Noordooste Streek) en N!aici Komtsa van Aasvoëlnes wyksgemeente* naby (in Namibiese terme) die dorpie Tsumkwe”.

Gert is ouderling in laasgenoemde gemeente. Hy en sy gemeenteleraar doen ook soos NG gemeentes elders dinge soos huisbesoek, maar hier geskied dit te voet deur dik sand, soms kilometers ver.

Buite Gert se grashut is ’n oop vuurtjie met ’n paar potte rondom. Hier is nie elektrisiteit waar hy saam met sy gesin en nog ’n paar families bly op wat as “village” aangedui word op ’n houtbordjie bo nog ’n houtbordjie waarop staan “Nhoma Safari Camp” nie. Dié toeristeoord beloof op hulle webblad ’n ervaring van die “Boesman-kultuur” as toeriste-aantreklikheid en was dus die rede hoekom Gert en nog veldgidse daardie dag saam met die Australiese toeris in die veld was. Sy wou graag sien hoe hierdie eertydse jagter-versamelaars hulle veldkos herken en jag met pyl en boog.

Die meeste van die mense wat ons sien, bly in sinkplaathuisies of huisies gebou van modder en houtpale. Daar is ook baksteengeboue – sommige is skole, huiswinkeltjies of kerke en ander staan leeg – ’n nalatenskap van die weermagbasisse wat die Suid-Afrikaanse weermag hier gehad het.

Ons sien kinders wat met plakkies, stukkende skoene of kaalvoet kilometers skool toe loop waar baie hulle enigste bord kos vir die dag sal kry. By een skool hoor ons hulle staatsvoorsiende voorraad kos het opgeraak, toe stuur hulle die kinders vroeg huis toe om in die veld kos te soek.

Op Grootfontein kook standplaasleraar Poppie Haramses elke Saterdagoggend ’n groot pot pasta oor ’n oop vuur wat sy en haar Bybelstudievriendin, Martie Smit, later uitdeel vir honger kinders. Martie het vertel sy het besluit om Poppie met hierdie projek te help na hulle een oggend gesien het hoe klein kinders huil buite ’n skool terwyl hulle kyk hoe die leerders kos kry.

Gous vertel hulle beleef dat min San-kinders skoolopvoeding deursien verby graad 4. ’n Komplekse aantal redes sluit in dat die kinders geboelie voel omdat hulle arm is en uit ’n minderheidskultuurgroep is. Twee van die laaste NG sendelinge hier, ds Herman Oosthuizen en sy vrou Elna, het die probleem begin aanspreek deur skooltjies vir vroeëkinderontwikkeling

Besoek kerkbode.co.za vir berigte, video's, foto's en podsendings van die besoek aan Namibië

N!aici Komtsa in sy groentetuin. Foto's: Le Roux Schoeman

Lucia Shikunda is een van Degnos se VKO-onderwysers. Sy gee skool op Omataku.

Andries Gous

Namibië: 'n Besoek aan dié 'pioniers' van teologiese opleiding

LE ROUX SCHOEMAN

N!aici Komtsa dra bril en is geklee in kleurvolle Crocs, kniebroek, langmou blokkieshemp bo-oor 'n T-hemp. Ons gesprek vind plaas op lae stoele iewers – as jy nou goed uit-Zoom – tussen Etosha en Botswana. Langs 'n as-vuurtjie en teenaan 'n groentetuin kompleet met koejawelboom en radyse. "Hierdie kool(koppe) haal ek nou uit en sit by plekke waar daar nie plante is nie," verduidelik die skraal prediker van NG Gemeente Aasvoëlnes oor sy planne vir die groentetuin in die sanderige grond 'n ent buite Grootfontein.

Hierdie deel van die NG Kerk in Namibië word deur kerklui in beheer van teologiese opleiding uitgesonder vir die "pionerswerk" wat in dié deel van die sogenaamde Boesmanland gedoen word om pasgemaakte teologiese opleiding by die bediening te integreer in 'n konteks waar basiese geletterdheid nie altyd nie, maar wel soms, 'n wesentlike hindernis is.

Andries Gous verduidelik dit so: "Wanneer jy met mense wat uit 'n orale kultuur kom, werk, dan vertel jy stories, soos Jesus."

Khau Komtsa grou duiwelsklou uit.

Gous werk by Degnos (Diens en Getuienis Noordooste Streek) wat teologiese opleiding doen met 'n leerplan wat kyk na kennis, karakter en bedieningsvaardighede. Opleiding van plaaslike gemeenteleiers is vir Gous, met sy vervoerekonomiese agtergrond, tweeledig. Kultureel: Die perke wat sy eie "Westerse bril" meebring. En prakties: Afgeleë gemeenskappe sê al jare vir hom: "Ons wil nie meer net sing en bid nie, ons wil die Woord van die Here hoor," vertel Gous.

Gaping word kleiner tussen dominee en 'kudde'

Die NG Kerk Namibië is een van tien samestellende kerke, oftewel, streeksinodes van die NG Kerk, wat in 1652 in die Kaap gevestig is.

In koeranttaal is die "storie" van Komtsa en ander soos hy enersyds basies 'n storie van sending wat wasdom bereik het en hoe kerklui nou van die meer kerkburokratiese en interpersoonlike aspekte probeer hondhaaraf maak: Hoe verwelkomend is die NG Kerk werklik teenoor hierdie Boesman-dominees op sinodale vlak? En hoe leerbaar is die NG Kerk en sy leraars en lidmate ten opsigte van wat dié gemeentes na kerk en kansel bring?

Maar andersyds is dit 'n breër storie. Sedert 2019 het die NG Kerk "standplaasleraars" tot die bediening begin toevoeg as deel van 'n beduidende "verbreding in die ampbeskouing goedgekeur en ook gereglementeer in die Kerkorde," luidens 'n verslag oor teologiese opleiding wat in 2023 by die vergadering van die NG Kerk se Algemene Sinode gedien het.

'n Opgedateerde ampbeskouing vir die NG Kerk beteken dat lidmate wat "geroep word tot die bediening" meer opsies het as tradisionele predikant-

opleiding. Hulle kan opgelei word as bedienaars, diensleraars en dan nou standplaasleraars. En daar is vir elkeen van hierdie "bane van opleiding" toepaslike ampsbevoegdhede in die Kerkorde beskryf.

"Standplaasleraars word gelegitimeer na hulle opleiding en kan beroep word na gemeentes wat bedien in die kontekste waarvoor hulle opgelei kan word. Die Sinode van Namibië het in hierdie verband pionierswerk gedoen met hulle opleiding van leraars vir die sogenamde Boesmangemeentes van die Sinode," luidens dié verslag.

Sinodegangers in 2023 is egter ook gemaan: "Daar sal gewaak moet word dat daar nie teruggekeer word na 'n bedeling waar leraars uit hierdie kontekste as minderwaardig geag word en nie volledig opgeneem word in die strukture van die kerk nie. Dit sal die missionale ekklesiologie weerspreek."

Wat die verslag aanroer – en wat in die Boesmanland uitspeel – is dat die teologiese gaping tussen lidmate en predikante "betekenisvol verklein".

Missionale ekklesiologie

'n Ondersoek na die ratwerk van teologiese opleiding onder inheemse minderheidsgroepe in die noordooste van Namibië was dus *Kerkbode* se doelwit met die onlangse besoek aan die Suid-Afrikaanse buurland, energiek vergesel deur dr De Wet Strauss, prinsipaal van NETS (Namibia Evangelical Theological Seminary) in Windhoek, een van die geakkrediteerde opleidingsinstellings van die NG Kerk.

"Standplaasleraars (is) 'n belangrike skakel in die verskillende bedieningsmoontlikhede in die kerk," het hy aan *Kerkbode* verduidelik. "En wat uniek is, is dit is 'n persoon wat in 'n baie spesifieke konteks in 'n gemeente reeds dien, en dan deur teologiese ontwikkeling gaan, en opleiding tot op die punt waar dié persoon funksioneer as leraar, vir sy konteks, in daardie gemeente. Strauss het ons aan Freddie Faul gaan voorstel by NG Gemeente Mariental, suid van die Namibiese hoofstad. Faul het laat in sy lewe besluit om teologie te studeer, maar het hom uiteindelik as standplaasleraar gevestig. Faul word vanjaar 85.

Minder lidmate, minder poste

Die doel van standplaasleraars is kennelik nie net om 'n vinger in die dyk te steek wat die kwaai afname in leraarsposte binne 'n krimpende NG Kerk betref nie – hoewel dit 'n onteenseglike rol speel. Die kuratoriumverslag wat in Oktober deur sinodegangers bestudeer is, stel dit so: "Hierdie baan van opleiding gee aan die kerk die vermoë om opleiding te gee aan lidmate wat voorheen van opleiding uitgesluit was. Die demografiese werklikhede van Suider-Afrika het hierdie innovasie genoodsaak sodat nuwe geloofsgemeenskappe in hierdie kontekste nie ten opsigte van hulle bediening onbepaald afhanklik sou bly van die 'moeder' of sendende kerk nie."

Met die tolk Mishe Mathias se hulp vertel Gunja Parata iets van sy storie aan Kerkbode tydens 'n kort video-onderhoud.

Zelda Nandu sing voor in die koor aan 'n lied gebaseer op die Bybelboek Prediker.

Daar word vir 'n geruime tyd in die NG Kerk oor "missionaliteit" gepraat. In die Algemene Sinode van 2023 kom die woord missionaal 13 keer in die agenda voor en die sinne oor die begrip verwys dikwels na paradigmaskuiwe en klink gewoonlik so iets: "Die kerk van die toekoms is nie meer net die mense wat Sondae na 'n kerkgebou toe gaan kom vir eredienste en kategese nie, maar hulle sal ontmoet moet word daar waar hulle werk en leef."

Die missionale "take" op al die bogenoemde verwikkelinge is dus dikwels: Wat is reeds aan't gebeur? Eerder as: Wat kan uitgedink word?

In geloofstaal: *What is God up to?*

'Human condition'

Net voor ons aankoms in Grootfontein het ons vinnig by die Hoba-meteoriet stilgehou – 'n gewilde toeristehalte. Sowat 60 ton en sowat 80 000 jaar oud, lees 'n mens aanlyn oor hierdie mooi meevaller. Wat kom maak julle in Namibië, wil 'n mediavriend via WhatsApp hoor ná hy ons sosiale mediaplasings die voorafgaande paar dae sien. "We're reporting on the human condition and the religious attitude," waag ek ietwat tong in die kies oor *Kerkbode*, 'n 175-jarige kerknuusblad, se gewigtige *beat*. Maar iets daarvan steek by my vas.

Ons besoek aan die noorde van Namibië wentel aanvanklik om 'n opleidingsentrum in die Grootfontein-woonbuurt genaamd Luiperdheuwel (met die kostelike bynaam van Perdjie), maar kry eers werklik gestalte tydens interaksies met mense in die veld of langs die grondpad. 'n Koor van San-mense in 'n groot warm saal op 'n Sondag. Hulle sing 'n oorwurm van 'n deuntjie en die teks, vertel 'n tolk ons later, is uit Prediker 3. Daar is 'n tyd vir elke saak … 'n Tyd om te huil en 'n tyd om te lag.

Zelda Nandu (24) doen die voorsang. Ná die opvoering verdaag die koor van meestal vroue en Zelda laai 'n groot swart emmer met water op haar kop – "in 'gedienstig' ewewig" soos Eugène Marais se Mabalêl, en swenk tussen doringbome deur, huiswaarts om haar suster se hare te gaan regkry vir skool die volgende dag.

Dan is daar die oggend by "dominee N!aici". Ons hurk in die stof tesame met sy vrou Khau, wat moedig maar vergeefs op *Kerkbode*-versoek probeer om die wortel van die duiwelsklou-plant onder dié se kruipende stingels uit te grou. Die plant is nog te jonk, beslis die veldkenners, maar dit lewer tog 'n beeld op: Só 'n blitsbesoek is ten beste 'n versigtige opgrawing om iemand anders te probeer ontdek.

‘Dit was die Here se jaar’ -

Prof Malan Nel vertel van die Jeug-tot-Jeugaksie van 1974

Dit is vanjaar 50 jaar sedert die NG Kerk se Jeug-tot-Jeugaksie van 1974 wat landwyd deur duisende jongmense bygewoon is en baie oortuig het om vir predikant te leer. Foto: Verskaf

HELÉNE MEISSENHEIMER

1974. Die NG Kerk het dit genoem die evangelisasiejaar van die kerk. Dit was die jaar van die Jeug-tot-Jeugaksie.

Meer as 350 000 jongmense het hulle saamtrekke bygewoon. As deel van die evangeliese jeuguitreik is sowat 32 000 jongmense opgelei om met hulle portuurgroep oor die evangelie en geloofsake te praat.

Die aksie het, volgens *Elektroniese Christelike Kernensiklopedie* (eCKE), “by baie jongmense tot nuwe entoesiasme vir die kerk gelei en groot getalle het hulle ná 1974 aangemeld vir teologiese studie”.

“’n Onbedoelde uitkoms,” sê prof Malan Nel, wat saam met ds Mike Smuts en ander die kerklike inisiatief gelei het. “Dit was nie deel van my en oom Mike se bedoeling nie. Ons het bedoel om jongmense te inspireer oor die saak van Jesus,” vertel hy in ’n podsendinggesprek vir *Kerkbode*.

Die buitengewone professor in Praktiese Teologie van die Universiteit van Pretoria het onlangs saam met so 18 van die oorspronklike Jeug-tot-Jeug-aksie se leierskapgroep in die Vrystaat reünie gehou om die 50ste herdenking te vier van hierdie inisiatief wat die bedieningsfilosofie wou vestig dat jongmense toegerus moet word om met jongmense te werk.

“Daar was by ons almal groot waardering om deel te kon wees van iets so unieks in die NG Kerk se geskiedenis. Al weet ons daar is in daai aksie ook baie foute gemaak, wie sal dit nou ontken? Maar jy kon nie deel wees daarvan en gesien het wat het gebeur … dit was die Here se jaar en ons was bevoorreg om daarvan te kon deel wees,” vertel hy.

Hulle het ’n span van 64 jongmense gehad vanuit al 11 sinodes uit drie lande (Zimbabwe, toe Suid-Rhodesië, was ingesluit as NG Kerk van Midde-Afrika). Hulle het twee op ’n keer aan gespreksgetuienisse deelgeneem en as groep gesing by saamtrekke.

“Die leuse was ‘Lewe vir Christus en vir sy kerk’,” so onthou Nel op 85 helder die gebeure rondom hierdie projek wat die eCKE beskryf as “een van die merkwaardigste uitreike van die NG Kerk in die 20ste eeu na die jeug”.

Hier volg ’n geredigeerde uittreksel van ons gesprek.

KB: Wat het ds Mike Smuts destyds vir jou gesê wat jou oortuig het om saam met hom hierdie projek aan te pak?

MN: Oom Mike het dit altyd ’n soort van ’n droom genoem. Sy vrou, Margie Smuts, het ook later ’n boek laat verskyn, *Die saak is van God*. Hulle twee het lankal gedroom of daar nie ’n groot jeugaksie moet wees in die land nie. In 1972/73 het hy met my gepraat daaroor en gesê dis sy droom om so iets te organiseer. As hy dit regkry en as hy goedkeuring kry, sou ek gewillig wees om saam met hom die leiding te neem? Hy was ons senior leier en ek het onmiddellik gesê ja, want dit lê my na aan die hart om iets te doen wat op daai stadium verbeeldingryk was – om jongmense toe te rus sodat hulle in hulle eie portuurgroep die evangelie mag deel met ander mense.

KB: Dit is wat vir my uitstaan. Die naam is jeug tot jeug. Die fokus was dat jongmense praat met jongmense. Julle het 32 000 jongmense opgelei. Waarin het julle hulle opgelei?

MN: Ons het ’n … die span self was 64 jongmense wat uit al 11 sinodes van die NG Kerk saamgestel is. Twee was van Suid-Rhodesië wat vandag Zimbabwe is en toe die sinode van Midde-Afrika was. Die bekende Henry Murray was van daai sinode in die span. Daai 64 jongmense is opgelei in drie vakke. Die een was doodgewoon ‘Hoe doen ’n mens Bybelstudie?’ Ons het dit genoem Bybelstudiemetodiek. Die ander was Dienswerkmetodiek – hoe organiseer ’n mens dienswerk in jou plaaslike gemeente. Die kerk het toe nog sterk aksies gehad, senior kerkjeugaksie en junior kerkjeugaksie. Daai klomp jongmense was die aansluitingspunt vir die opleiding. Dan het ons ook ’n vak gehad wat gebruik is in die twee weke se opleiding wat ons in elke stad gehad het, naamlik persoonlike werk wat ons vandag sou noem: hoe deel jy jou geloof met ander? So ons het vir hulle in die drie vakke opgelei …

Prof. Malan Nel

KB: Is dit dan uitgewerk na die verskillende KJA’s in die verskillende gemeentes? Hoe het dit gewerk?

MN: Inderdaad. Ons het geen sinode besoek sonder dat ons nie uitgenooi was nie. Die sinodes het ons uitgenooi. Ons was in al 11 sinodes. Ons was ’n hele twee weke lank in die destydse Salisbury (vandag Harare). In Namibië en ons eie land natuurlik. Ons was in al die groot stede. Ek dink ek het getel 10 en daar het ons vir twee weke lank die opleiding gedoen. Met ander woorde die jongmense het jongmense opgelei. En in die span van die sinodes was ’n hele aantal tieners. Die bekende professor Piet Naudé was

'n lid van daai span en hy het pas uit matriek gekom. Hulle het gewoonlik met die tieners die opleiding gedoen en die ouer jongmense met die belydende kerkjeugaksie soos ons dit toe genoem het.

Die laaste week van die drie weke wat ons in 'n stad was, was daar dan saamtrekke gewoonlik in 'n stadion. In Oos-Londen was dit in die groot saal gewees. In Port Elizabeth in die ou Wolsaal as ek reg onthou. In die ander stede was dit op pawiljoene, in rugbystadions gewoonlik. Ons was byvoorbeeld in Goodwoodstadion. Daar was elke aand tussen 12 en 15 000 mense vir 'n hele week lank. Op Loftus was daar met die afsluiting tussen 15 en 20 000 mense wat by die afsluiting van die week se reeks dienste was.

By daai dienste het een van ons gepreek. Minstens twee van daai groep het ons met 'n gespreksgetuienis laat optree, met ander woorde ons het nie hulle hulle storie laat vertel nie, ons het vir hulle vrae gevra oor hulle eie lewe en hulle eie verstaan van geloof en hulle eie geloofslewe en sommer uitdagende vrae vir die jeug van vandag …

Ek kan nie onthou hoeveel honderde skole ons besoek het nie. Ek dink dit was oor die 300. By daardie skole het die jongmense dan ook kans gekry om aan hierdie gespreksgetuienis deel te neem. Daarna het die skole verdaag en op daai speelgronde het hierdie jongmense met tieners in groepies staan en gesels. Dit is van die mooiste beelde in my eie lewe wat ek onthou om iewers te staan saam met 'n skoolhoof en te sien hoe 'n hele skool iewers in 'n gesprek betrokke is…

KB: Ek dink jy het vir my gesê daar was 'n baie mooi storie wat vir jou uitstaan uit daai tyd van 'n meisie wat vir jou gesê het die gesprekke op skool het verander?

MN: Ja, weet jy sy is so bekend. Haar pa is al oorlede maar hy is so 'n nasionale figuur dat ek nou nie die naam gaan noem nie. Maar dit is 'n hoërskool hier iewers naby aan Pretoria. Die radio … die wonderlike was dat die land so ingekoop het in die aksie in. Die radio … gereeld was een van ons in radiogesprekke betrokke. Hulle het met hierdie tiener, waarskynlik vanweë haar persoonlikheid – ek het haar later ook as student geken toe ek studenteleraar geword het … het op 'n dag gesê 'ons het 'n nuwe tema op ons hoërskool se speelgronde, ons praat oor Jesus'. En dit was regtigwaar landwyd so. Die verhale sal net die ewigheid kan vertel wat in mense se lewe gebeur het …

KB: Ons hoor tog … daar is heelwat predikante wat nou uittree, wat sê dit is waar hulle hulle roeping gekry het? Dit was by die Jeug-tot-Jeugaksie?

MN: Ja, ek kan nie glo as ek dink hoe grys ek is dat daai klomp pragtige jongmense vir wie ek toe later kon help klasgee dat hulle al aftree nie. Maar ek onthou 'n dag, as ek dit mag vertel, wat prof Nelus Niemandt – wat nou rektor is van Hugenote Kollege op Wellington – my by 'n groot predikantekonferensie (in 2005), waar ons amper 1 300 predikante van die NG Kerk in Bloemfontein bymekaar was … ek het een van die lesings gelei en toe Nelis my die dag bekend stel, toe sê hy nou ook iets van die jeugaksie wat ek by betrokke was en hy sê 'hoeveel van ons wat vandag hier sit het ons roeping tydens die jeugaksie' … en ek kan nou nie sê die helfte het opgestaan nie, maar dit was baie naby aan die helfte van daai saal.

En ons het nooit … dit was nie deel van my en oom Mike se bedoeling nie. Ons het bedoel om vir jongmense te inspireer oor die saak van Jesus. Ons het nooit mense opgeroep om te kies vir die beroep nie. Dit was absoluut een van hierdie unieke byprodukte wat niemand kon voorsien nie. Baie van hulle het nooit beroepe gekry nie, want daar is toe op daai stadium 'n oorskot maar vir baie lank was hierdie klomp mense saam met natuurlik die ander klomp wat hulle roepings op hulle eie maniere gekry het – wie stel nou ooit aan God se vermoë perke waar Hy en wie Hy moet roep? – was hulle die mense wat die NG Kerk gedra het. En ons het nou skielik 'n tekort omdat 'n klomp van daardie kosbare predikante nou op aftree-ouderdom is.

KB: Het dit verander hoe die kerk dink oor jongmense se bediening en hoe die kerk uitreik na jongmense?

MN: Ek dink so. Daar was 'n groot Jeug-tot-Jeugaksiefonds … na die tyd was daar baie geld oor en dit is aan die sinodes pro rata verdeel om met hulle jeug-tot-jeugaksies voort te gaan en baie sinodes het dit gedoen. Dit is in my geheue dat die Wes-Kaapse sinode se aksie van Diensjaar vir Christus soort van uit daai aksie uit ontwikkel het. Ek het later in my lewe redelik baie gehelp met die opleiding van daai jongmense in Diensjaar vir Christus. So elke sinode kon op sy eie manier voortgaan, want dit was nooit die bedoeling om 'n patroon of 'n model te vestig en te sê so moet dit nou gebeur nie maar om die bedieningsfilosofie te vestig van 'asseblief, rus jongmense toe om self ander jongmense te bereik. Dit is die enigste weg vorentoe dat ons inderdaad van jeug tot jeug mekaar inspireer om by die saak van Jesus betrokke te bly.

1974

was ook 'n verkiesingsjaar soos 2024 met die verskil dat net wit mense kon stem. Die Nasionale Party het die meeste stemme gehad. Dit was ook die jaar wat Anneline Kriel gekroon is as Mej Wêreld.

Later in ons gesprek noem hy ook dat daar kritiek was …

MN: Baie mense het baie kritiek gehad op dit wat ons nou daai tyd genoem het persoonlike werk, want dit was mos nou nie … dit kon mos nie aanhou nie. Ons is vanaand daar en môre is ons weg. Maar die bedoeling van die plaaslik opgeleide jongmense was om aan te vat. En elke een se adres is deurgegee aan plaaslike gemeentes. Ek kan nie instaan daarvoor as dit nie voortgegaan het nie, maar ons bedoeling was dat ons mekaar inspireer vir die saak van die koninkryk en dan gee ons terug aan 'n plaaslike gemeente wat in sy eie konteks met sy eie pragtige klomp tieners en naskoolse jongmense die saak aarde toe moet bring. Vandag sou ons dit genoem het die kontekstualisering van die koms van die koninkryk in elke plaaslike gemeente.

So 18 van die oorspronklike Jeug-tot-Jeugaksie se leierskapgroep het onlangs in die Vrystaat reünie gehou. Foto: Verskaf

Stuur Amptelike Nuus na kerkbode@tydskrifte.co.za

BEROEP
Prop Adriaan Benadie na Sundra; ds FT (Francois) de Villiers vroeër van Boksburgpark na Empangeni; ds GPM (Meiring) de Wet van Doornpoort na Rustenburg-Proteapark; prop J (Jeanette) de Wet van Doornpoort na Rustenburg-Proteapark; ds RJ (Ruan) du Plooy van Postmasburg na Amsterdam; dr LM (Leon) Foot van Welkom-Suid as uitvoerende amptenaar: bedieningsbegeleiding Vrystaat; ds BE (Brits) Janse van Rensburg van NHK Harare na Vredenburg asook na Rustenburg-Proteapark; ds Edward John (EJ) Leach van Stellastraat (met opdrag Indië) na Rustenburg-Proteapark asook na Empangeni; ds J (Johan) Orsmond van Riviersonderend na Hartbeespoort; ds CM (Michael) Rautenbach van Wesselsbron na Universitas-Wes (Strata); ds M (Méri) Schoeman voorheen van Umhlanga na Andrew Murray Pretoria; ds CJ (Christo) Swarts van Schweizer-Reneke na Ottosdal-Suid; prop R (Rion) van Niekerk as diensleraar na Bothasrus (Despatch); ds LS (Lammert) van Rooyen van NHK Lichtenburg na Beaufort-Wes en Gamkavallei.
AANVAAR
Ds BE (Brits) Janse van Rensburg van NHK Harare na Vredenburg; ds L (Lamé) Janse van Rensburg van NHK Rooihuiskraal na Mindalore; ds J (Johan) Orsmond van Riviersonderend na Hartbeespoort; ds E (Emile) Rademeyer van Doornkloof na Kerk-in-Suid (voorheen Wierdapark-Suid); ds D (Danell) Swanepoel van Jacobsdal na Redelinghuys; ds CJ (Christo) Swarts van Schweizer-Reneke na Ottosdal-Suid; dr RP (Richard) van Wyk van Stellenbosch na Reebok.
BEDANK
Ds BE (Brits) Janse van Rensburg van NHK Harare vir Rustenburg-Proteapark; ds LS (Lammert) van Rooyen van NHK Lichtenburg vir Beaufort-Wes en Gamkavallei.

WES-KAAPLAND
BEROEP
Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 27 Mei 2024 het die kerkraad van NG Kerk Vredenburg vir ds Brits Ehns Janse van Rensburg van NHK Harare beroep. (Suselna Theart, administratiewe beampte: Vredenburg NG Gemeente, 28.05.2024).
Die NG Kerk Beaufort-Wes en Gamkavallei het ds Lammert Smit van Rooyen van NHK Lichtenburg beroep as predikant na die gesamentlike pos te Beaufort-Wes. (Lynette Bergh, skriba: NG Kerk Beaufort-Wes, 28.06.2024).
AANVAAR
Ds Brits Ehns Janse van Rensburg van NHK Harare het die beroep aanvaar na NG Moedergemeente Vredenburg. Hy aanvaar diens by die gemeente op 1 September. (Suselna Theart, administratiewe beampte, 12.06.2024).
BEVESTIGING
Ds Danell Swanepoel van Jacobsdal het die beroep na die NG Gemeente Redelinghuys aanvaar en word op 29 Junie 2024 bevestig. (Ronèl Wilken, skriba: NG Gemeente Redelinghuys, 27.05.2024).
Dr RP (Richard) van Wyk van Stellenbosch-Moedergemeente (insluitend Kruiskerk) het die beroep na NG Kerk Reebok as voltydse medeleraar aanvaar. Hy sal vanaf 1 Julie 2024 die verantwoordelikheid van NG Kerk Reebok wees en word op 14 Julie 2024 bevestig waarna hy ook sy intreepreek gaan lewer. (Martina van den Berg, skriba/kassier, 05.06.2024).
BEDANK
Ds Lammert Smit van Rooyen van NHK Lichtenburg het nie die beroep na Beaufort-Wes en Gamkavallei aanvaar nie. (Lynette Bergh, skriba: NG Kerk Beaufort-Wes, 18.06.2024).

OOS-KAAPLAND
BEROEP
Proponent Rion van Niekerk, 'n gelegitimeerde diensleraar, is op 6 Mei beroep na NG gemeente Bothasrus, Despatch. (Marlene du Toit, skriba: NGK Bothasrus Despatch, 17.05.2024).

NOORD-KAAPLAND
BEVESTIGING
Prop Stephanie Vermaak het die beroep na die NG Gemeente Kathu aanvaar en is tydens die erediens van 5 Mei 2024 deur ds Cornel Viljoen van Ellisras-Wes bevestig. Haar intreepreek het op Sondag 12 Mei 2024 plaasgevind. (Ds Dirkie van Heerden, skriba: Ring van Deben, 18.05.2024).
Ds Marsulizé van Niekerk van die NHK Upington is op 2 Junie as leraar te NG Kerk Upington-Blydeville bevestig. (Elna Theron, skriba: NG Kerk Upington-Oos, 28.05.2024).
Dr Nienke Kemm is op 2 Junie 2024 as leraar in 'n vastetermynpos by NG Gemeente Augrabies bevestig. (Ursulla Hayes, Skriba, 05.06.2024).

KWAZULU-NATAL
BEROEP
Ds EJ (Edward John) Leach van Pretoria, is beroep na NG Gemeente Empangeni as voltydse permanente leraar met fokuspunt Mtunzini. Die gemeente beroep ook vir ds Francois Tertius de Villiers, tans lidmaat van NG Kerk Elsburg, as leraar met 'n vastetermynpos vir vyf jaar met fokuspunt Empangeni. (Zonia Coetzee, senior administratiewe beampte, 12.06.2024).
BEVESTIGING
Ds Pieter Kotze is op 1 Junie 2024 in die NG Kerk Newcastle bevestig. Sy intreepreek het op Sondag 2 Junie 2024 plaasgevind. (Peet Liebenberg, sameroeper: Taakspan vir pre-advies, 03.06.2024).

VRYSTAAT
BENOEMING
Die Raad vir Bedieningsbegeleiding het dr Leon Michael Foot van die NG Gemeente Welkom-Suid benoem as die nuwe uitvoerende amptenaar: Bedieningsbegeleiding. Dit is 'n tweejaartermynpos en datum van diensaanvaarding is 1 Julie 2024. Navrae kan gerig word aan ds Christo Nel (voorsitter van die raad van bedieningsbegeleiding – Vrystaat Sinode) Selnr: 076 943 2006 of Anelia van den Blink. Tel: 051 406 6700 of e-posadres: kuratorium@ngkvs.co.za (Ds Christo Nel, Riebeeckstad, 18.05.2024).
BEROEP
Die NG Gemeente Universitas-Wes het ds CM (Michael) Rautenbach (afgetree) beroep na Strata vir 'n een jaar kontrakpos. (Ria de Wet, administratiewe bestuurder, 21.05.2024).
BEVESTIGING
Op Sondag 9 Junie tydens 'n erediens by die NG Gemeente Hugenoot in Bloemfontein is erkenning verleen aan die ampsbevoegdheid van dr Nina Müller van Velden as gekoppelde leraar aan die NG Gemeente Hugenoot asook akkreditasie as teologiese dosent aan die Universiteit van die Vrystaat. Haar man, ds Wouter van Velden, is by dieselfde erediens bevestig as medeleraar van die gemeente en het ook sy intreepreek gelewer. (G Lamprecht, skriba: Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat, 06.06.2024).
EMERITAAT
Ds Carl Heinz Theodore Schiel van die NG Gemeente Deneysville emeriteer met effek 30 Junie 2024. Hy bly as tentmakerleraar by die gemeente betrokke. Ds Dirk Michael du Preez neem oor as voltydse hulpleraar vanaf 01 Julie 2024. (Ds Fritz Kotzé, skriba: Ring van Vaalrivier, 05.06.2024).
Prof DF (Francois) Tolmie van die Departement Ou- en Nuwe-Testamentiese Studies aan die Teologiese Fakulteit aan die Universiteit van die Vrystaat het op Sondag 9 Junie tydens 'n erediens by die NG Gemeente Hugenoot in Bloemfontein sy Akte van Demissie by emeritaat ontvang.
(G Lamprecht, skriba: Kuratorium van die NG Kerk Vrystaat, 06.06.2024).

GOUDLAND
RINGSITTING
Die 29ste ringsitting van die Ring van Delareyville is gehou op Maandag, 27 Mei 2024 te NG Gemeente Bospoort. (Johan Rademeyer, skriba – Ring van Delareyville, 22.05.2024).
Die 86ste vergadering van die Ring van Lichtenburg vind plaas op Maandag 5 Augustus 2024 om 09:00 by NG Gemeente Sederpark. (Dr G Meistre, ringskriba, 18.06.2024).
AANVAAR
Ds Lamé Janse van Rensburg van die NHK Rooihuiskraal het die beroep na NG Gemeente Mindalore aanvaar en sal vanaf 1 Julie 2024 diens aanvaar. (Freda Andrew, skriba: NG Mindalore, 28.05.2024).
BEVESTIGING
Ds Christo Swarts het die beroep na die NG Kerk Ottosdal-Suid aanvaar en is op Sondag, 9 Junie 2024 bevestig. (Johan Rademeyer, skriba – Ring van Delareyville, 22.05.2024).

NOORDELIKE
BEROEP
Tydens 'n beroepsvergadering op Donderdag, 16 Mei 2024, is ds Méri Schoeman in 'n voltydse leraarspos na NG Gemeente Andrew Murray Pretoria beroep. Sy het in die buiteland gewerk die afgelope vier jaar, met behoud van status. (Anthony Tosen, gemeentebestuurder, 17.05.2024).
Ds Johan Orsmond van Riviersonderend is beroep na Hartbeespoort vanaf 1 Oktober 2024. (Pieter Brynard, adminbestuurder, 30.05.2024).
Op 'n kerkraadsvergadering gehou op 3 Junie 2024 het die kerkraad van NG Kerk Rustenburg-Proteapark die volgende persone beroep: ds Edward John (EJ) Leach van NG Stellastraat (hy het sy amp hier behou terwyl hy in Indië leraar was) in 'n voltydse pos as senior leraar; ds Brits Ehns Janse van Rensburg van Harare in 'n voltydse pos as medeleraar gefokus op jeug; ds Meiring de Wet en sy vrou Jeanette (proponent) van NG Doornpoort beide in deeltydse poste as medeleraars. (Eveleen Engelbrecht, saakgelastigde, 07.06.2024).
AANVAAR
Ds Emile Rademeyer van Doornkloof het die leraarspos na Kerk-in-Suid aanvaar. (Elsa Mostert, Bedienings en bestuur, 13.05.2024).
Ds Johan Orsmond van Riviersonderend het die beroep na Hartbeespoort aanvaar. (Pieter Brynard, adminbestuurder, 18.06.2024).
EMERITAAT
Ds Paul Jacobus Grobler het op 26 Mei 2024 sy akte van emeritaat ontvang by NG Gemeente Universiteitsoord. (Anuschka Smit, Skriba: Ring van Suidoos-Pretoria, 21.05.2024).

HOËVELD
BEROEP
Proponent Adriaan Benadie is beroep na die NG Gemeente Sundra. (Santie Jelliman, saakgelastigde, 12.06.2024).

OOSTELIKE
SINODESITTING
Die sinodale diensraad gee hiermee kennis dat die 21ste sinodesitting van die NG Kerk Oostelike Sinode gehou word op 7-10 Oktober by die Weesgerus-Vakansieoord naby Modimolle (voorheen Nylstroom), Limpopo. (Francois Retief, Uitvoerende Amptenaar, 19.06.2024).
BEROEP
Tydens die beroepingsvergadering gehou op 20 Mei is ds Ruan du Plooy van Postmasburg beroep as leraar na die NG Gemeente Amsterdam. (JPJ Naudé, voorsitter: kerkraad, 21.05.2024).
BEVESTIGING
Prop Ingrid Charmain Joubert is op 21 April 2024 as diensleraar by NG Hazyview bevestig. (Natasha Nel, skriba: Ring van Barberton, 28.05.2024).

Terug na die toekoms

Na die verkiesing: NG Kerk het weer 'n groot rol te speel

JOHAN VAN DER MERWE

Die eerste demokratiese verkiesing in die geskiedenis van Suid-Afrika wat op 27 April 1994 plaasgevind het, was ’n belangrike mylpaal in die geskiedenis van die land. Miljoene mense het op dié dag in lang rye gestaan om vir die eerste keer in hulle lewe ’n kruisie op ’n stembrief te trek. ’n Gees van optimisme het in die land geheers. Tereg het aartsbiskop Desmond Tutu kort daarna van die reënboognasie begin praat en toe die Springbokrugbyspan boonop in 1995 die Wêreldbeker wen, en die nuwe kleurvolle vlag oral wapper, was Suid-Afrika in die oë van baie Suid-Afrikaners reg vir ’n blink nuwe toekoms!

Die kerk, en met name die NG Kerk, was nie uitgesluit van die toekoms nie. Tydens die Algemene Sinode van 1994 het president Nelson Mandela die kerk uitgedaag om deel te wees van die heropbou van die land deur betrokke te wees by die stryd teen armoede en ongelykheid, maar om veral ook ’n agent van versoening tussen die verskillende groepe mense van die land te wees.

Dertig jaar het sedertdien verloop. Vir baie mense in Suid-Afrika het die glans van die reënboog verdof of selfs heeltemal verdwyn. Daarom word die 2024-verkiesing as ’n volgende groot waterskeiding in die geskiedenis van Suid-Afrika beskou. Die groot vraag is: Watter rol gaan die NG Kerk ná die verkiesing van 29 Mei 2024 speel?

Die geskiedenis van die NG Kerk vertel ’n verhaal van ’n kerk wat nog altyd ten spyte van groot uitdagings ’n positiewe bydrae tot die samelewing gemaak het. Een van die beste voorbeelde is die heropbou wat na die tweede Anglo-Boereoorlog van 1899-1902 plaasgevind het. Die noordelike deel van die land is verwoes deur die verskroeideaardebeleid van die Britse regering. Duisende lidmate van die NG Kerk het tydens die oorlog gesterf en baie van dié wat oorleef het, het alles verloor. Tog lees ’n mens merkwaardige verhale van opstaan en vasberadenheid soos dié in die godsdiensverslag van die NG Gemeente Carolina in April 1903: “Hoe gansch anders ziet alles er tans uit vergeleken met Nachtmaal in vroegere jaren. In plaats van osse wagens en tenten, veerwagens en kapkarren ziet men thans een aardige mengelmoes van karretjies zonder tenten, verschillend van fatzoen en grootte en deur de eigenaars zelven samengesteld. Velen kom te paard op na de kerk en sommigen te voet.”

Miskien sal die president dit nie weer sê nie en sal dit nêrens aan die groot klok gehang word nie, maar die NG Kerk het ’n onmisbare rol te speel in die toekoms van Suid-Afrika na 29 Mei 2024. Dit is ’n nuwe uitdaging aan die kerk wat nie van die hand gewys mag word nie. Mag die kerk lidmate help om soos vroeër opnuut “karretjies” te bou.

Prof Johan van der Merwe doseer Kerkgeskiedenis en Kerkreg aan die Universiteit van Pretoria en is ’n voormalige aktuarius van die Algemene Sinode.

Nuwe Testament

'n Demografiese blik op die wêreld waarin Jesus geleef het

MARIUS NEL

Die leefwêreld van Jesus en sy volgelinge het in baie opsigte van ons s’n verskil. Een manier om bewus te raak van die verskille is om soos Mona LaFosse van die Universiteit van Toronto in Kanada antieke demografiese bronne noukeurig te ontleed.

So beskik ons oor Romeinse sensusdata vervat in papirusse asook talle begrafnisinskripsies uit die tyd van Jesus. Haar studie wys daarop dat terwyl ons vandag meestal die dood assosieer met veroudering, babas in die tyd van Jesus eerder met die dood geassosieer is. Ongeveer ’n vyfde van hulle het naamlik gesterf voor hulle vyf kon word. Kindersterftes was algemeen. As persone wel hulle kinderjare oorleef het, het hulle nie verwag om jonk te sterf nie. Gemiddeld het 39 uit 100 mense dan ook die ouderdom van 60 bereik. Hierna het hulle lewensverwagting egter weer vinnig afgeneem sodat minder as ’n tiende van die bevolking van die Romeinse Ryk ouer as 60 was.

Dié demografiese blik help ons om die inligting oor Jesus waaroor ons beskik beter te verstaan. Lukas 3:23 se voorstelling van Jesus as ‘ongeveer dertig’ met die aanvang van sy openbare bediening mag byvoorbeeld meer wees as ’n stelling van Jesus se werklike ouderdom. Dertig was naamlik die ouderdom wat die Romeine as die begin van volwasse mans se selfstandige lewe beskou het. Lukas kon dus met sy verwysing na Jesus se ouderdom vir sy lesers daarop wys dat Hy nie meer verantwoordelikhede teenoor sy ouerhuis gehad het nie. Josef was reeds oorlede met die aanvang van Jesus se openbare optrede. Teen 40 het slegs ongeveer 10% van mans nog ’n pa gehad en omtrent 25% ’n ma.

Jesus het naamlik in ’n tyd geleef waarin lewensverwagting en die duur van verhoudings aansienlik korter was as waaraan ons gewoond is. Op 25-jarige ouderdom was 92% van vroue getroud maar teen 50 sou 40% van hulle reeds weduwees wees. Vir baie was die antieke lewe hard en brutaal. Dit was ook die geval met Jesus wat sonder ’n tuiste van sy eie was. ’n Lewe van ontbering en weerstand het duidelik ’n tol van Jesus geëis. So dink die Jode in Johannes 8:57 dat Hy nader aan die ouderdom van 50 as 30 was.

Prof Marius Nel doseer Nuwe Testament aan die Universiteit Stellenbosch en is assessor van die Wes-Kaapse Sinode.

GEBORGDE ARTIKEL Fokus op kerkmusiek missio.org.za

Só werk die vereistes en voordele van jou gemeente se kerkmusieklisensie

Musiek is ’n wonderlike uitdrukking van geloof en ’n belangrike deel van jou gemeente se eredienste. Elke noot wat gespeel word en elke woord wat gesing word, help lidmate om hulle geloof te versterk en nader aan God te beweeg.

Dit is egter belangrik om te onthou dat hierdie musiek nie net geestelike waarde dra nie. Dit verteenwoordig ook die intellektuele eiendom van vele kunstenaars, wat deur kopiereg beskerm word. Om hierdie musiek in jou gemeente te gebruik vereis daarom ’n kerkmusieklisensie.

Waarom moet jou gemeente ’n kerkmusieklisensie betaal?

Jou gemeente gebruik musiek wat geskryf is deur komponiste en liedjie- en liriekskrywers. Hierdie kunstenaars het volgens wetgewing regte op hulle werk wat gerespekteer en onderhou moet word.

As jou gemeente musiek gebruik wat aan kopiereg onderhewig is, is ’n kerkmusieklisensie noodsaaklik. Hierdie lisensie stel jou gemeente in staat om kerkmusiek op ’n regverdige en etiese manier in verskeie kontekste te gebruik.

Dit sluit in om die liedere te sing, te projekteer, af te druk, te versprei en op verskeie platforms te stroom of uit te saai.

Wie bestuur die musiekregte?

Uitgewers soos Bybel-Media bestuur hierdie intellektuele eiendom, vorder gelde in van gebruikers (soos kerke en/of gemeentes) en betaal tantieme uit aan die kunstenaars. ’n Kerkmusieklisensie verseker dat jou gemeente voldoen aan die toepaslike wetgewing en dat kunstenaars regverdige vergoeding vir die gebruik van hulle werke ontvang.

Voorheen is alle lisensies deur CCLI bestuur.

Sedert 2023 het Bybel-Media die bestuur van kerkmusieklisensies oorgeneem. Church Music Licensing (CML) hanteer die lisensies namens Bybel-Media. Die lisensie sluit in die regte tot die *Liedboek van die kerk*, *Psalms en Gesange* (ander Skrifberymings), Vonkk en liederebundels soos *Die Halleluja*, *Sing onder mekaar* en *Jeugsangbundel 1 en 2*.

Wat word alles by jou lisensie van Bybel-Media ingesluit?

Jou kerkmusieklisensie van Bybel-Media gee aan jou gemeente die reg tot:

> die gebruik van die musiek tydens eredienste

> die stroom of uitsaai van geleenthede waar die musiek gebruik word

> gratis toegang tot Bybel-Media se Kerkmusiek-afdeling op die digitale Missio-platform.

Jou gemeente sal ’n jaarlikse faktuur van Bybel-Media ontvang. Indien jou gemeente FLAM- of Engelse liedere gebruik, sal julle ’n aparte faktuur vanaf CCLI ontvang.

Waar kry jou gemeente toegang?

Bybel-Media het ’n nuwe digitale platform ontwikkel waar gemeentes kerkmusiek, preekstof, kategesemateriaal, gemeentereekse en Bybelstudies op een plek kan vind. Wanneer jy jou musieklisensie uitneem, ontvang jy gratis toegang tot Kerkmusiek-afdeling op Missio.

Op Missio kan jy maklik en vinnig navigeer deur ’n uitgebreide biblioteek van musiekstukke, insluitend gewilde bronne soos die *Liedboek van die kerk*, Vonkk, *Psalms en Gesange* en verskeie ander liederebundels wat deur die jare geliefd geraak het onder gemeentes oor die land heen. Missio bied ook die geleentheid om nuwe musiek te ontdek en rond te speel met verskeie style en tematiese aanbiedings wat aansluit by die unieke behoeftes van jou gemeente.

Besoek gerus **www.missio.org.za** vir meer inligting.

Om dominee te wees in die ‘eeu van egtheid’

Die rol van die kerk en dominee in die samelewing het oor die afgelope honderde jare baie verander. Waar die kerk eens op ’n tyd die middelpunt van die dorp was en jy nie sonder jou dominee se getuigskrif ’n werk kon kry nie, is die kerkgebou nou ingedruk tussen besighede en woonstelblokke en die dominee se opinie, wel, dit is net nie meer so relevant nie. As gevolg hiervan ervaar dominees vandag ’n identiteitskrisis, skryf dr Gerbrand Bodenstein in sy tesis met die titel “Die gereformeerde pastor in die eeu van egtheid”. *Kerkbode* het meer gaan uitvind.

DORET NIEMANDT

In ons hedendaagse wêreld regeer daar ’n kultuur van “egtheid”, sê Bodenstein. Hy maak gebruik van Charles Taylor se beskrywing van die “eeu van egtheid” (age of authenticity) – dit is geskoei op die idee dat elkeen van ons sy/haar/hulle eie menswees moet ontdek en uitdruk. Geen raamwerke of invloede van buite kan op ons afgedwing word om vir ons te sê wie ons behoort te wees nie, nie die groter samelewing, vorige generasies, politieke ideologieë of enige kerk of godsdiens nie. Elke persoon is vry om hulle eie identiteit uit te kerf uit ’n magdom opsies om die “ware jy” te vind, “uniek” en “eg” te wees en uit te staan van ander. Die kompleksiteit van hierdie eeu van egtheid is dat jou gekose identiteit en uitdrukking daarvan slegs bevestig moet word deur ander, met ander woorde: niemand anders mag wie jy kies om te wees bevraagteken of vir jou sê dat wie jy kies om te wees verkeerd is nie.

Dit is dan in hierdie komplekse wêreld, sê Bodenstein, waar die dominee bedien en hard werk om te probeer relevant bly. Waar die dominee eens op ’n tyd ’n hoë status en baie invloed gehad het, bevind die dominee hom-/haarself vandag op die rand van die samelewing. In hierdie soeke na plek en relevansie, ervaar die dominee ’n identiteitskrisis. Die maklikste manier om relevant te bly, is waarskynlik om in te koop in hierdie tydsgees waar niemand vir jou kan sê wat dit beteken om ’n mens te wees nie, om jy te wees nie. Jy moet dan self kies wat vir jou betekenis in die lewe gee. Die “relevante” dominee kan dan Jesus aanbied as die beste opsie of produk vir hierdie betekenis, die beste opsie of produk vir jou identiteit. Maar as Jesus net ’n produk of een van die opsies is, het ons regtig nog vir God nodig in die wêreld?

Relevansie is net ’n simptoom van die ware krisis, sê Bodenstein. Die ware krisis wat die dominee vandag in die gesig staar is hoe ons dink oor God se rol in die wêreld. Die dominee voel ’n dringendheid om relevant te bly en wil die metaforiese bal nou in eie hande vat terwyl God na die agtergrond toe skuif. Godsdiens raak ’n mooi lewensfilosofie en ons glo nie meer regtig dat God kan optree of aktief deelneem in die wêreld nie. Om daardie kerkbanke vol te kry, hang dus van die dominee af.

Die alternatief is moeiliker en nie goed vir die ego nie. Bodenstein stel voor dat dominees nie moet inkoop in die eeu van egtheid nie, maar weer God se aktiewe deelname in ons wêreld moet ernstig opneem. Bodenstein beskryf dit as om op God te wag. Ons is nie meer goed met geduld en om te wag nie, dit vat moeite. Dit is ‘n “aktiewe wag” op God om Homself in

ons leefwêreld te openbaar.

In sy tesis noem Bodenstein verskeie situasies en ruimtes waar ons God gereeld kan raaksien as ons op Hom wag:

In lyding

Ons sien God werk wanneer ons langs iemand se hospitaalbed sit, sê Bodenstein. In daardie oomblikke van lyding en weerloosheid is dit asof al die pretensie afgestroop word en dit wat betekenis gee weer duidelik word.

In gebed

Ons sien God werk wanneer ons lidmate leer bid en saam bid en God in die middel sit, sê Bodenstein. Wanneer ons doelbewus ons fokus skuif en wag op die Here, dan antwoord die Here.

In eredienste

Ons moet die erediens *declutter*, sê Bodenstein. Ons hoef nie allerhande goed in te bou om dit betekenisvol te maak nie. Wanneer ons onsself uit die prentjie haal en God weer in die middel sit, dan is dit ’n ontmoeting met God, ’n ervaring van God. Die eredienste staan en val nie by oulike musiek en mooi prentjies nie, dit gaan oor die skep van ’n ruimte om saam bewus te raak van God.

In verhoudings

Ons moet ’n pad stap saam met mense, hetsy met vergaderings, huisbesoek, of koffie drink na kerk. God ontmoet ons tussen mense, sê Bodenstein.

Dominees hoef nie so hard te werk om relevant te bly nie. Sukses is nie ’n groot kerkgebou met baie lidmate en moderne *branding* langs die snelweg nie. Sukses is wanneer ons dit regkry om te wag op die Here. Wag beteken nie om niks te doen nie, maar om so te werk en te leef dat ons bewus is van God in die wêreld, want óns God is aan die werk in die wêreld.

Dr Gerbrand Bodenstein is predikant by NG Kerk Stellastraat.
Dr Doret Niemandt is predikant van die NG Gemeente Valleisig.
Hierdie skrywe word aangebied in samewerking en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

Hierdie skrywe is deel van ’n reeks en word aangebied in samewerking en met ondersteuning van die Taakspan vir Teologiese Navorsing (Wes-Kaap).

In memoriam: Totsiens, Oom David

Die NG sendeling en later VGK-leraar, kerkleier en skrywer, ds David Botha, is Sondag 26 Mei in die ouderdom van 99 op Tulbagh oorlede.

As oudste seun van die Nigeriese pioniersendelingspaar, Johan George Botha en sy vrou, Fransina, sou David Petrus Botha in sy 99 jare hier op aarde baie diep spore in die NG Sendingkerk (later die Verenigende Gereformeerde Kerk) trap. Hy beklee verskeie leierskapsposies in die NG Sendingkerk, soos dié van aktuarius (1958-1974) en moderator (1974-1982). Tydens sy bediening bring hy mense uit verskillende gemeenskappe bymekaar, was segsman vir die onderdrukte en het opgestaan vir versoening, skryf Mariëtte Odendaal wat vir Getuienisaksie* met sy seun, David (jnr), gesels het oor hulle pa se lewe.

My pa, David Petrus, was die oudste seun van die Nigeriese pioniersendelingspaar, Johan George Botha en sy vrou, Fransina. Hulle was vir sy geboorte op pad na Suid-Afrika met verlof toe hulle dogtertjie, Rita, op twee jaar oud aan koors gesterf het. Na my pa se geboorte op 23 Februarie 1925 wou sy ouers hom nie aan dieselfde gevare blootstel nie en het hulle hom as baba in die sorg van familie gelaat en teruggegaan na Nigerië. My pa het sy ouers net elke vyf jaar tydens hulle verlof in Suid-Afrika gesien; iets wat ’n groot impak op hom as kind gehad het.

Hy studeer aan die Sendinginstituut op Wellington (nou die Andrew Murray Sentrum vir Spiritualiteit) en spesialiseer in sielkunde aan die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys (nou NWU). Sy eerste beroep was na die NG Sendingkerk in Wynberg waar hy op 25 Januarie 1948 bevestig is as leraar. Hy het baie hard probeer om die verskillende gemeenskappe bymekaar te bring.

Later skryf hy die boek, *Die opkoms van ons derde stand*, waarin hy die standpunt inneem dat wit Afrikaners en die bruin gemeenskap eintlik een gemeenskap is. My pa het die NG Sendingkerk as die ruimte beskou waar die eenheidsband en die lewe van die kerk in Christus so geleef kan word dat daar geen skeiding is nie. Hy was in verskeie leierskapposisies in die NG Sendingkerk asook direkteur en navorser van die SA Gesticht Museum in Kaapstad.

Hierdie is ’n kort verwerking van die oorspronklike artikel.

MEDELERAAR

Voltyds / Permanent

PAROW PANORAMA
God roep ons > God stuur ons

Die medeleraarspos by ons gemeente, vereis spesialisvaardighede.

Ons lys 'n paar wat vir ons belangrik is.

- Passievol toegespits op die energieke bediening aan en groei van jeug, jong werkendes en gesinne wat 'n besliste invloed op die bedieningsfokus van die gemeente meebring.
- Dinamiese en aktuele prediking met klem op lof en aanbidding. Eredienste moet belewenisse wees wat die jonger geslag sal prikkel.
- Innoverende aanslag en aktiwiteite waarmee jongmense en gesinne bereik en uitgenooi word na die gemeente. Bou en versterk verhoudings doelgerig met opregtheid en energie, met die uiteindelike doel van geestelike verdieping en groei.
- Ondersteuning van die leraar en die ander fokusareas van seniorbediening en impakvolle gemeenskapskerk.

Ons sien uit na jou twee bladsy CV en 'n kort video waarin jy meer van jouself vertel, hoekom jy vir hierdie pos aansoek doen en hoe jou vaardighede inpas by ons behoeftes.

Salaris volgens sinodale skaal (maks R600,000 pj behuising ingesluit).

Gesels gerus met Alwyn Small (083 556 5837) of Thea Diedericks (082 783 4394) as jy enige vrae het.

Sluitingsdatum: 30 Junie 2024.

Aanvangsdatum: So spoedig moontlik, maar onderhandelbaar.

Stuur asb jou aansoek na Mariana Botha by **skriba@parow-panorama.co.za**

Die kerkraad behou die reg voor om onafhanklik van hierdie advertensie 'n aanstelling te maak of glad nie die pos te vul nie.

Leef die Woord
NG WARMBAD

Bela-Bela, Limpopo

Ons soek 'n leraar wat:

- Toegewyd aan Christus leef en dien.
- Die gesag van die Skrif as onfeilbaar aanvaar en dit heilig ag.
- Inkoop in die visie, waardes en etos van die gemeente.
- Dinamies en energiek is en sterk leierskap kan neem.
- Goeie balans kan handhaaf in gemeente om oud en jonk te bereik deur preke, aktiwiteite en 'n bediening vir almal te bied.

Posbeskrywing:
Gemeenteleraar wat verantwoordelik is vir die volle spektrum van bediening in ons diverse gemeente van alle ouderdomme.

Vereistes/verantwoordelikhede

- Gelegitimeerde van die NG Kerk.
- Kom al die ampspligte van Artikel 9 van Kerkorde na.

Algemeen:
Vergoeding volgens sinodale riglyne. Behuising in die pastorie is beskikbaar.

Aansoeke:
Stuur aan: kantoor@ngwarmbad.co.za of skakel 014 736 2788.
Sluitingsdatum: 31 Julie 2024.
Diensaanvaarding: Soos ooreengekom.

Die gemeente behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE
BOTHAVILLE NOORD
DIEPER · NADER · VERDER

VAKANTE POS: JEUGWERKER/DIENSLERAAR

Dienstermyn: Driejaarkontrak (onderhandelbaar).

Gemeenteprofiel:
NG Gemeente Bothaville-Noord is 'n dinamiese plattelandse gemeente wat bestaan uit ongeveer 370 belydende en 125 dooplidmate.

Posbeskrywing:
Die gemeente is op soek na 'n energieke persoon met 'n sterk roeping en passie ten opsigte van jeug- en gesinsbediening. Die suksesvolle kandidaat sal verantwoordelik wees vir die organisering en uitvoering van die jeugbediening van alle skoolgaande jeug asook naskoolse jongmense in die gemeente en gemeenskap, onder leiding van, en in oorleg met, die plaaslike leraar en kerkraad.

Posvereiestes:
Persone wat oor die volgende vereistes beskik kan aansoek doen om die pos te vul:

- 'n Passie vir, en lewende verhouding met, die drie-enige God.
- Jongmense kan toerus en mobiliseer as gestuurdes na die wêreld.
- Jongmense verstaan en hulle geestelike en emosionele behoeftes kan bedien.
- Emosionele volwassenheid, goeie menseverhoudings en kommunikasievaardigheid asook sterk leiereienskappe.
- Goed in spanverband kan werk.
- Belydende lidmaat van die NG Kerk.

Kwalifikasies en ondervinding:

- Jeugwerk as spesialisveld indien as diensleraar opgelei òf 'n tersiêre kwalifikasie (drie jaar) in jeugwerk òf toepaslike werkervaring/kwalifikasie in soortgelyke veld.
- Ondervinding in jeugwerk is 'n sterk aanbeveling.

Aansoeke:
Aansoekers moet teen **31 Julie 2024** 'n volledige CV met drie toepaslike verwysings stuur aan die kerkkantoor: ngkbothavillenoord@gmail.com
Dit staan die aansoekers vry om 'n kort bekendstellingsvideo van hulleself in te stuur.

Diensaanvaarding: So gou doenlik.

Navrae: Japie Grobler (leierouderling) 082 825 8018.
Dr Johan Kruger (gemeenteleraar) 084 256 8031.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Die volgende uitgawe van *Kerkbode* verskyn op 26 Julie 2024

NG GEMEENTE MAGALIESBURG

In biddende afhanklikheid van die Here stel die kerkraad die volgende vakature bekend.

VOLTYDSE LERAAR

Iets oor ons gemeente:
Magaliesburg is 'n klein plattelandse dorp in Gauteng, sowat 30 km noordwes van Krugersdorp. 'n Deel van die gemeente lê in Noordwes-provinsie. Die meeste lidmate woon op plase of kleinhoewes in die distrik.
Binne die gemeentegrense is verskeie skole, onder andere Laerskool en Hoërskool Bekker. 'n Aftreeoord, Golden Harvest, is omtrent 10 km buite die dorp. Die gemeente bestaan tans uit 196 belydende en 23 dooplidmate. Byna die helfte hiervan is 65 jaar en ouer.

Iets oor die aansoeker:
Die tipiese aansoeker vir hierdie pos is 'n gelegitimeerde predikant van die NG Kerk wat tuis voel in 'n plattelandse gemeenskap. Hy/sy sal alle fasette van die bediening behartig. Artikel 9 van die Kerkorde vorm die basis van verantwoordelikhede.

Vergoeding: Volgens sinodale skaal. 'n Gerieflike pastorie is beskikbaar op die kerkterrein.

As die Here jou lei om aansoek te doen, stuur jou CV met die kontakbesonderhede van drie onlangse referente na: ngkmagalies@absamail.co.za
Meld asb ook jou ABR-bevoegdheidskode.

Vir enige **navrae** kan die volgende persone gekontak word.
Miems Bruwer – saakgelastigde – 081 288 0777.
Helmi Breytenbach – huidige leraar – 082 338 4689.
Corrie Rautenbach – leierouderling – 082 619 3717.

Aansoeke sluit: Op 31 Augustus 2024.

Diensaanvaarding: Op 1 April 2025 (of so spoedig moontik daarna).

Die Kerkraad behou die reg om nie 'n aanstelling uit die geledere van die aansoekers te maak nie.

NG GEMEENTE CERES

VOLTYDSE LERAAR

Die NG Gemeente Ceres stel hiermee 'n vakature bekend vir die voltydse pos van **leraar (onbepaalde termyn),** standplaas Ceres.

Die gemeente se behoefte sluit in om 'n pad te stap met iemand vir wie God, die gemeente en gemeenskap 'n prioriteit is. Die geskikte persoon is 'n gelegitimeerde leraar met 'n Skrifgegronde teologie wat dit entoesiasties en verstaanbaar vir alle generasies kan oordra. Die persoon moet ook beskik oor geloofwaardigheid, dapperheid, kreatiwiteit en vernuwende denke om sodoende toekomsgerig te wees.

Die NG Gemeente Ceres is 'n dinamiese gemeente met bykans 600 lidmate wat met momentum die volgende tree in die vestiging van God se koninkryk in Ceres gaan gee. Ceres is 141 km van Kaapstad in 'n pragtige landelike omgewing geleë. Die dorp beskik oor goeie laer- sowel as hoërskole. Dit is 'n sterk ekonomiese omgewing met baie groeigeleenthede.

Minimumvereistes:
- Gelegitimeerde leraar van die NGK-familie.
- Blootstelling in die kerklike strukture sal voordelig wees.
- Uitstekende kommunikasievaardighede (Afrikaans).
- Roeping om die gemeente in hulle dienswerk te ondersteun en uit te bou.
- Kreatief en vernuwende denke.

Sluitingsdatum: 31 Julie 2024 teen 12:00.

Diensaanvaardingsdatum: 1 Januarie 2025.

Navrae:
Skriba: Lucia Brand (+27 23 312 1340).
Lid van die Pre-Advieskomitee: Martienet Uys (+27 82 547 5896).

Aansoekproses:
Stuur 'n volledige CV (nie langer as drie bladsye nie) aan: ngceres@lando.co.za
Ons ontvang ook graag die name en kontakbesonderhede van drie referente.

Vergoeding:
Markverwante vergoeding sal bepaal word volgens die bestaande riglyne van die Sinode van Wes-Kaapland asook gebaseer op ondervinding en kwalifikasies van die aansoeker. 'n Ruim pastorie is ook ingesluit in die pakket.

Bevestiging van leraar:
Die suksesvolle kandidaat sal bevestig word as leraar in die NG Kerk.

Die kerkraad behou die reg voor om onafhanklik van hierdie advertensie 'n aanstelling te maak of glad nie die pos te vul nie.

NG GEMEENTE MOOTVALLEI

VAKATURE: LERAAR (DEELTYDSE PERMANENTE POS)

Onderhandelbaar rondom 70%

In biddende afhanklikheid van die Here maak die kerkraad die vakature bekend en nooi kwalifiserende leraars om betyds aansoek te doen.

Mootvallei is 'n gevestigde gemeente met 1 202 belydende en 311 dooplidmate. Die gemeente is geleë in Mayville (Moot), Pretoria en is 12 jaar oud. Die gemeente koop tans tyd uit van 'n leraar by 'n buurgemeente (25 %) en het 'n deeltydse jeugwerker in hulle diens. Die gemeente het 'n baie sterk ondersteunende kerkkantoor en die leraar sal nie ingetrek word by onnodige administratiewe en kantooraktiwiteite nie en kan fokus op leraarspligte.

Leraarsprofiel:
Gelegitimeerde van die NG Kerk, met ongeveer vyf jaar bedieningservaring. Die leraar moet alle aspekte van gemeente- en familiebediening hanteer soos uiteengesit in Art 9 van die Kerkorde en soos deur die kerkraad bepaal en omskryf is in 'n diensooreenkoms. Die pos is vir 'n gemeenteleraar wat sal fokus op die aktiewe bediening met die doel om 'n verskil te maak in ons wyer gemeenskap, gemaklik met huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewenstadia.

Belangrik vir die gemeente is die volgende:
- 'n Getroue dienaar van Jesus Christus. 'n Skrifgetroue en passievolle, dinamiese prediker en leier wat die Woord van God onder leiding van die Heilige Gees getrou kan oordra.
- Goeie pastorale leierskap en bou van onderlinge verhoudings.
- Betrokkenheid by die dag tot dag bestuur van gemeente-aangeleenthede.
- 'n Leraar wat huisbesoek, pastorale, sieke- en bejaardebesoeke baie hoog ag.

Die CV moet onder andere afskrifte van identiteitsdokumente, kwalifikasies en ander relevante dokumentasie insluit. Die kerkraad behou die reg voor om verifikasie van egtheid uit te voer.

Vergoeding: Die totale koste van indiensneming (TKVI) sal gekoppel word aan ondervinding en is onderhandelbaar tot R400 000 pj. Geen behuising word voorsien nie.

Aansoeke:
Aansoeke bestaande uit 'n volledige CV, met besonderhede van ten minste drie opvolgbare verwysings moet per e-pos gerig word aan die NG Gemeente Mootvallei by kerkkantoor@ngmootvallei.co.za

Sluitingsdatum: 15 Julie 2024 vir diensaanvaarding op 1 September 2024 of so spoedig moontlik.

Aansoekers wat die kortlys haal, moet beskikbaar wees vir 'n onderhoud en 'n preekbeurt.

Navrae kan gerig word aan Ann Trollip by die kerkkantoor (012 335 0611), of gerig word aan kerkkantoor@ngmootvallei.co.za

Die kerkraad behou die reg voor om enige en / of geen aanstelling te maak uit die aansoeke ontvang, nie. Die kerkraad se besluit sal finaal wees in hierdie verband.

NG KERK WINDHOEK-OOS

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

Sluitingsdatum: 30 Junie 2024.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Die NG Kerk Windhoek-Oos is 'n gemeenskap van mense, 'n tuiste, waar ons nie net welkom kan voel en 'n ruimte kan vind om God te dien nie, maar waar ons ook ons roeping kan ontdek en uitleef. Ons is van mening dat ons in 'n uitdagende tyd en uitdagende omgewing geroep word om die Here vreesloos en met vreugde te volg, óór die grense van ons gemaksone. Hier is tans 'n vakature vir 'n dominee wat saam met ons op hierdie pad wil stap.

Belangstellendes kan asseblief vir ons 'n CV stuur na kantoor@ngkerkwindhoekoos.com vergesel van die kontakbesonderhede van drie onlangse referente.

Navrae kan gerig word aan:
Hendrik Koekemoer (+264 81 127 0917 of hendrikk@iway.na).
André Louw by (+264 81 210 5051 of andrelo@iway.na).

Die kerkkantoor se nommer is +264 81 617 8633.

Die kerkraad behou die reg voor om nie te beroep nie.

Die vakature-advertensies verteenwoordig die standpunte van die adverteerder en nie noodwendig dié van *Kerkbode* nie.

VAKANSIE-AKKOMMODASIE

BLOEMFONTEIN
Oornagverblyf. DSTV, lugreëling, badkamer. Veilige parkering. Naby N1, skougronde, hospitale en inkopiesentrums. Vanaf R250. Skakel Hanlie, **084 400 2693. hanliedevilliers@webmail.co.za**

UVONGO
Selfsorgwoonstel. Pragtige seeuitsig. Loopafstand vanaf see. Vanaf R520 p/d per eenheid, buiteseisoen. 084 547 8522 of 039 315 5779.
Webblad: www.grietseplek.com

JEFFREYSBAAI
SANDKASTEEL
2 Slaapkamer (slaap 6) wooneenhede volledig toegerus. Sentraal by die see. Tel: 042 293 1585.

NG NYLSTROOM-OOS

Uit God se liefde dien ons
..... ons Skepper
..... mekaar
..... ons gemeenskap
.... die natuur (deur bewaring)

VAKATURE: VOLTYDSE MEDELERAAR

Gemeenteprofiel: Nylstroom-Oos-gemeente is geleë in 'n "middel-grootte" plattelandse dorp (Nylstroom/Modimolle) in die Limpopoprovinsie, ongeveer 130 km noord van Pretoria. Die dorp bied goeie koopgerief aan inwoners, maar met 'n kleiner verskeidenheid as in die stad. Die dorp het twee redelik groot winkelsentrums, verskeie winkels en goeie skole, waar kinders hoë kwaliteit onderrig ontvang (die naskoolse kwalifikasies wat kinders uit hierdie skole behaal, bevestig die kwaliteit van onderrig). Hier is onderskeidelik 'n enkelmedium Engelse en 'n Afrikaanse laerskool asook 'n parallelmedium hoërskool.

Die gemeente word deur twee leraars bedien. Die "ruggraat" van bediening geskied deur middel van omgeegroepe. Verder is die gemeente baie gesteld om verhoudinge tussen lidmate te bou en te versterk. In hierdie verband speel gereelde huisbesoek deur die leraars ook 'n groot rol.

Nylstroom-Oos is 'n gemeente met ongeveer 955 belydende lidmate en 241 dooplidmate. Ons gemeente bied geleenthede vir lidmate om deur die loop van die jaar aktief aan verskeie aksies en byeenkomste deel te neem.

Leraarsprofiel: Nylstroom-Oos nooi dinamiese, energieke en gedrewe gelegitimeerde leraars van die NG Kerk, om aansoek te doen as medeleraar. Die bereidheid en vermoë om in 'n leraarspan te werk, is 'n ononderhandelbare vereiste. Verder sal die geestelike bediening aan kinders 'n belangrike deel uitmaak van die applikant se bediening (die Abraham Kriel-kinderhuis val binne die gemeentegrens).

Pligte word omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde, met die fokus op:
- 'n Lewende, persoonlike verhouding met God Drie-enig en dit as 'n roeping beskou om in sy diens te staan.
- Woordgetroue, inspirerende en verstaanbare prediking, verbind aan die gereformeerde leer en belydenisskrifte van die Kerk.
- 'n Energieke persoon met 'n passie vir God en sy mense, asook 'n mense-mens wat met alle generasies 'n goeie verhouding kan bou en handhaaf, veral ten opsigte van huisbesoeke en persoonlike kontak met lidmate in verskillende lewensstadiums.
- Entoesiasties en ervare is rondom die kreatiewe gebruik van musiek, vernuwende tegnologie en sosiale media as bedieningshulpmiddels.
- Goeie interpersoonlike vaardighede hê en gemaklik in spanverband kan funksioneer.
- Moet verantwoordelikheid vir projekte saam met diensgroepleiers kan neem asook inisiatief kan neem met nuwe projekte en geestelike bedieningsgeleethede.

Vergoeding: Vergoeding sal redelikerwys volgens sinodale riglyne bepaal word. Behuising in 'n ruim pastorie is beskikbaar.

Aansoeke: Belangstellende, gelegitimeerde leraars moet asseblief 'n toepaslike CV, van nie langer as vier bladsye nie, met vermelding van bedieningsvoorkeure, persoonlikheidskenmerke, spiritualiteit en bedieningservering stuur na die kantoorbestuurder by kerkkantoor@ngoos.co.za of ngooskerkkantoor@gmail.com
Sluit asb die volgende in:
- Minstens drie kontakbare referente (die kerkraad behou die reg voor om persone addisioneel tot die referentelys te kontak).
- 'n Skakel na aanlyn eredienste.

Navrae kan gerig word aan die voorsitter van Diensverhoudinge, Gert Kruger, by 076 930 8576 of Deirdré Stoffberg 073 411 6944 (kantoorbestuurder).

Daaropvolgende proses:
- S**luitingsdatum vir aansoeke: Vrydag 16 Augustus 2024**
- Daar sal van alle aansoekers verwag word om ook 'n toepaslike vraelys te voltooi, wat teen 12:00 op 30 Augustus 2024 per e-pos ontvang moet word.
- Die diensverhoudingekommissie sal so spoedig moontlik ná 30 Augustus met elke applikant kontak maak.
- **Diensaanvaarding:** 1 Januarie 2025.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling te maak nie.

NG BEAUFORT-WES EN GAMKAVALLEI

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR
Termyn: Drie Jaar vastetermynpos

Sluitingsdatum: 14 Julie 2024.

Gemeenteprofiel:
Beaufort-Wes is 'n plattelandse dorp geleë in die Karoo, in die Wes-Kaap. Die bedieningsterrein bestaan uit die twee gemeentes wat in kombinasie funksioneer. Beaufort-Wes het 340 belydende en 46 dooplidmate en Gamkavallei het 190 belydende en 62 dooplidmate. Byna al die besoekpunte is in die dorp, met enkele besoekpunte op plase.

Leraarsprofiel:
- Die geskikte kandidaat moet 'n gelegitimeerde predikant binne die NG Kerk wees.
- Alle ampstake soos omskryf in Artikel 9 van die Kerkorde moet verrig word.
- Die geskikte kandidaat moet effektief binne die leefwêreld en konteks van 'n plattelandse gemeente kan funksioneer en bedien.

Die volgende is vir die gemeentes van Beaufort-Wes en Gamkavallei belangrik:
- Toepaslike ondervinding van vorige gemeente(s).
- 'n Geesvervulde, energieke, leraar wat oud en jonk passievol met die Woord kan bedien.
- Ondervinding van geestelike toerusting, kleingroepbediening, jeug en jongvolwasse bediening.
- Missionale gerigtheid op die gemeenskap en verhoudingsbou met ander gemeentes.

Vergoeding: Die sinodale skaal van die Wes-Kaap word as riglyn gebruik tot en met vlak 8. Gratis pastorie.

Diensaanvaarding: So gou as moontlik.

Aansoekproses:
Aansoeke moet vergesel word van 'n CV nie langer as drie bladsye nie asook die kontakbesonderhede van drie referente.
Van alle aansoekers sal verwag word om 'n toepaslike vraelys te voltooi wat u by die kerkkantoor moet aanvra en saam met u aansoek stuur na die skriba, Lynette Bergh, e-pos: ngkbeaufortwes@gmail.com teen Sondag **14 Julie 2024.**

Navrae:
Voorsitter van die kerkraad: Mnr Jan Stadler, 082 336 2066.
Brugleraar: Ds Christo van Staden, 082 555 5442.

Die kerkraad behou die reg voor om geen aanstelling te maak nie.

NG GEMEENTE MAKWASSIE

VAKATURE: VOLTYDSE LERAAR

In biddende afhanklikheid van die Here, nooi die kerkraad gelegitimeerde leraars wat geroepe voel tot die bediening in Makwassie, om aansoek te doen.

Gemeenteprofiel: Makwassie is 'n klein plattelandse dorp in die Noordwes-provinsie. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit boerderybedrywighede. Die gemeente het sowat 235 belydende en 43 dooplidmate. 'n Groot aantal lidmate is bo 60 jaar. Die gemeente het ses dorpswyke en drie plaaswyke, en is finansieel selfstandig. Wolmaransstad (±13 km) het 'n goeie laer- en hoërskool, en bied goeie koopgerief, terwyl Klerksdorp (±100 km) 'n groot winkelsentrum en goeie hospitale het.

Leraarsprofiel: 'n Leraar met 'n lewende en persoonlike verhouding met God Drie-enig.
Saam met die pligte van Artikel 9 in die Kerkorde, is huisbesoek en ander kontak met lidmate belangrik.
Iemand wat lief is vir mense, en wat insig toon vir die plattelandse boerderygemeenskap se unieke uitdagings.
Vertroud wees met vernuwende tegnologie en sosiale media as bedieningshulpmiddels.

Vergoeding: Onderhandelbaar.

Verblyf: Ruim pastorie beskikbaar.

Aansoeke: Stuur asseblief u aansoek, 'n tersaaklike CV en kontakbesonderhede van twee referente.
Noem u besondere gawes en hoe u dit in die bediening aanwend. Motiveer kortliks waarom u geroepe voel vir die bediening op die platteland.
Onderhoude mag met kandidate gevoer word. Alle inligting sal vertroulik hanteer word. Met die stuur van die CV gee u toestemming dat u inligting volgens die bepalings van die POPIA-wetgewing aangewend kan word.
Stuur asseblief u aansoek na die e-posadres: ngmakwassie@lantic.net

Diensaanvaarding: 1 Desember 2024 of so gou moontlik daarna.

Sluitingsdatum: 21 Julie 2024.

Navrae: Johann Theunissen (leierouderling) 082 856 0489.
Sarel Kok (leierdiaken) 083 409 4757.

Die kerkraad behou die reg voor om nie 'n aanstelling uit die aansoeke te maak nie.

Dana Snyman

'n Please-call-me
van 'n vriend by 'n begrafnis



Foto: Dana Snyman

Moses Makhondwane kom staan langs my by my skryftafel.

Dis my ma, sê hy. Sy het afgesterwe.

Die selfoon waaroor hy pas met iemand in Tswana gesels het, is nog in sy hand.

Ek staan op, sit my hand om sy skouer en sê die gewone, lam trooswoorde. Ai, Moses. Ek is jammer, Moses. Dis sleg, Moses. Sy was lank siek, sy ly nou nie meer nie.

Met sy linkerhand se vingers vee hy die trane van sy wang af.

Hy wys vir my 'n foto van sy ma wat hy op sy selfoon het. 'n Vrou met 'n vriendelike gesig. Sanna Makhondwane.

Ek bel City Bug en bespreek 'n buskaartjie van Nelspruit af tot op Potchefstroom – die eerste bus wat in daardie rigting loop. Van Potch af sal hy met 'n taxi tot op Mahikeng, diep in die ou Wes-Transvaal, ry.

Dit is laatmiddag en ek weet nie hoe om Moses te troos nie.

Hoeveel kinders is julle, Moses? vra ek.

Twaalf, sê hy. Maar daar is net tien van sy broers en susters oor. Drie van hulle is al dood.

Hoe is hulle dood, Moses? vra ek, wat eintlik 'n simpel vraag is.

'n Kar het die een broer gestamp, sê Moses. Die ander broer het homself doodgemaak. Hy was een van 'n tweeling, maar sy tweeling-boetie is kort na die geboorte in die hospitaal oorlede.

Ek weet niks van Moses af nie, besef ek maar weer.

Eintlik weet ek weinig van hoe swartmense dink en leef. Dit pla my, maar ek doen ook nie juis veel daaraan om dit te verander nie. Soveel van my menings oor swartmense is as kind gevorm. Een van daardie menings is dat swartmense gedurig na 'n begrafnis toe gaan.

Moses se swaer, Johannes Bogosi, het tot met my pa se dood vir hom op Ventersdorp gewerk. Met 'n ompad het Moses by my op Kaapsehoop kom woon. Hy is baie kunssinnig en maak lappieskomberse en klere op die Bernina-naaimasjien wat 'n gawe vrou vir hom gegee het. Ons verkoop sy handewerk. Tussendeur hou hy die huis aan die kant en pas vir Blackie, my hond, op wanneer ek die langpad vat.

Is jy nie honger nie? vra ek vir Moses. Hy verdwyn in my klein kombuis. 'n Rukkie later kom hy by die deur uit, met 'n toebroodjie in die hand. Die grondboontjiebotter peul by die kante uit.

Deur die venster sien ek hoe gaan sit Moses op die stoeptrappies en eet die toebroodjie terwyl die son agter Nkodwana se berge insak.

Die volgende oggend neem ek hom Nelspruit toe. Voor ons ry, gee ek my selfoon vir hom, en sê: Speel vir ons musiek, Moses.

Moses weet hoe Spotify werk. Gou weerklink Brenda Fassie se stem via Bluetooth oor die bakkie se luidsprekers terwyl ons bergaf ry. Barberton doer in die verte, wasig, soos op 'n uitfokus-foto. Brenda Fassie sing gereeld in my huis.

Soon and very soon we are going toe see the King, sing sy.

Hoe het jou broer homself doodgemaak, Moses? vra ek nog 'n simpel vraag.

Hy het homself opgehang, sê Moses. Ons dink hy het verlang na sy tweelingboetie wat kort na sy geboorte dood is.

Op Nelspruit staan ek by City Bug se terminaal en wag tot Moses op die bus is.

Eintlik moes ek hom Mahikeng toe geneem het, dink ek terwyl ek terug huis toe ry.

Laatmiddag kom daar 'n SMS van Moses af oor my selfoon: Hy is veilig op Mahikeng. Ek probeer my voorstel hoe dit lyk waar hy nou is. Hy het al vir my 'n foto gewys van die huisie wat hy vir hom, sy vrou en twee seuntjies buite Mahikeng gebou het. 'n Sinkhut, in die middel van 'n jaart wat skoongevee is. Nêrens 'n kraan in sig nie.

Die volgende paar dae betrap ek myself dat ek knaend vir Moses bel. Wat gebeur nou daar? wil ek weet.

Hulle het 'n bees gekoop om te slag vir die begrafnis, sê hy.

Terwyl ek met hom oor die foon gesels, kraai 'n hoender op die agtergrond.

Het julle hoenders ook gekoop? vra ek. Twintig, sê hy.

Die gehuggie waar sy pa en ma – sy pa leef nog – se huis is, se naam is Tsetse. Sy ma het 'n klomp vriende gehad en het baie mense geken. Omtrent die hele Tsetse gaan by die begrafnis wees.

Iewers tussen dit alles stuur Moses vir my 'n *please-call-me*. Kan ek nie vir hom 'n paar rand in sy Capitec-rekening inbetaal nie? Hy wil vir die manne wat hom gaan help om sy ma se graf te grawe kos en sigarette koop.

Die Vrydagaand voor die begrafnis antwoord Moses nie sy foon nie. Maar ek het hom reeds oor die aand se verrigtinge uitgevra. Die kis waarin sy ma lê, sal in sy pa-hulle se huis wees, in die slaapkamer. Daar sal mans en vroue wees wat sing en hardop met die Here praat, die Here bedank vir sy ma se lewe. Vieruur die oggend sal hulle die kis se deksel oopskroef dat hulle na sy ma kan kyk en haar vir oulaas kan groet.

Sesuur Saterdagoggend sal hulle die kis dra na die begraafplaas waar hulle sy ma gaan begrawe.

Saterdag, vroegoggend, sit ek by my skryftafel en probeer ek my die somber optog na Tsetse se begraafplaas toe verbeel. Moses en ander wat sy ma se kis op hulle skouers dra.

Ek kan nie onthou wanneer laas was ek op so 'n begrafnis nie, 'n tradisionele begrafnis met 'n teraardebestelling. Dit is 'n woord wat ek byna al vergeet het: teraardebestelling. 'n Kragtige, waardige woord.

Soveel mense wil deesdae veras word en wil hê hulle lewe moet in 'n restaurant of iewers gevier word. Met die minste formaliteite as moontlik.

Ek gaan na Spotify toe op my selfoon, skakel my Bluetooth-luidspreker aan en gaan maak vir my 'n grondboontjiebotter-toebroodjie in die kombuis.

I walk with you through the valley of death, sing Brenda Fassie toe ek op die stoep se trappe gaan sit, met my toebroodjie in die hand.

Op Tsetse naby Mahikeng word 'n kis nou die aarde in laat sak. Die Here het gegee en die Here het geneem. Rus in vrede, tannie Sanna.

Opeens voel dit vir my reg om só begrawe te word. Formeel.

Kan 'n mens iemand se lewe werklik vier voordat jy waardig respek betoon het aan die misterie van die dood en wat daarna kom?